'N ONDERSOEK NA OUTOKINETIESE SINSVOLTOOIING AS PROJEKTIEWE TEGNIEK

deur

J.L. Potgieter - Honns. B.A.

'n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

1967

VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank betuig teenoor dié persone wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te voltooi.

My opregte dank aan die Departement Sielkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die aangename studiejare, die bemoediging en belangstelling wat ek ondervind het.

Ek wil my waardering uitspreek teenoor die studente van die Potchefstroomse Onderwys Kollege wat hul tyd opgeoffer het en bereidwillig was om die nodige toetse vir hierdie ondersoek af te lê. Sonder hulle medewerking sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

My dank aan Mnr. Frikkie Potgieter vir sy hulp met die statistiese verwerking en aan sy vrou, Mev. Eltritia Potgieter, vir die bekwame wyse waarop sy die tikwerk behartig het.

Ek wil ook my dank betuig aan my broer, Henri, vir die wyse waarop hy my gehelp het met die teken en duplisering van die grafieke, asook met die afrolwerk in die algemeen.

Aan my vrou wil ek baie dankie sê vir haar bemoediging en belangstelling. Haar begrip en bystand was 'n inspirasie en het veel bygedra tot die voltooing van hierdie werk.

Dankie ook aan my kinders vir hulle belangstelling.

Aan dr. D.J.W. Strümpfer 'n spesiale woordjie van dank. Dit was aanvanklik onder sy leiding dat hierdie studie begin is en waaraan hy rigting en gestalte gegee het.

Ten laaste my innige dank aan prof. C.F. Schoeman vir die leiding wat ek van hom ontvang het nadat dr. Strümpfer vertrek het. Ek waardeer die besondere belangstelling en kritiese waardering wat hy deurgaans in my werk gestel het. My innige dank vir die vriendelike bereidwilligheid waarmee hy na my probleme geluister het en vir die hulp wat hy aan my gegee het. Ek kan slegs met die grootste dankbaarheid en waardering praat van sy aandeel in hierdie studie.

J.L.P.

POTCHEFSTROOM.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 : INLEIDING EN KORT OORSIG 1

A. INLEIDING 1

B. BEKNOPTE OORSIG VAN ENKELE OUTOKINETIESE EKSPERIMENTE 1

1. Verskille van waarnemings tussen mans en dames 1

2. Die invloed van die groep of mening van buite 2

3. Die rol van die prikkel ten opsigte van outokinetiese waarneming ... 3

4. Die outokinetiese toets as projektiewe tegniek en as diagnostiese instrument 4

5. Sensoriese ontneming (afsondering) en outokinetiese waarneming 5

HOOFSTUK 2 : DOEL VAN ONDERSOEK, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DIE TOETSE .. 8

A. DIE DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK 8

B. SELEKSIE VAN TOETSE 8

C. BESPREKING VAN DIE TOETSE WAT IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK IS 11

1. Rotter se Sinsvoltooiingstoets 11

2. Dominansieskaal 14

3. Afhanklikheidskaal 19

4. Bedekte en Openlike Vyandigheidskaal 20

5. Vyandigheidskaal 21

6. Skaal vir Sosiale Ektroversie-introversie en Emosionaliteit 25

Bladsy

7. Rorschach 26

a. Vyandigheid en Angstigheidskaal . 26

b. Afhanklikheidskaal 30

D. ALGEMEEN 32

E. METODE EN PROSEDURE VAN TOETSING 33

1. Proefpersone 33

2. Toetsprosedure 33

a. Algemeen 33

b. Rotter se Sinsvoltooiingstoets .. 34

c. Vraelys 34

d. Die Rorschachtoets 34

e. Toepassing van Rotter se Sinsvoltooiingstoets in die Outokinetiese Situasie 35

i. Apparaat 35

ii. Instruksies en Metode 39

HOOFSTUK 3 : VERWERKING EN BESPREKING VAN RESULTATE 42

A. INLEIDING EN HIPOTESE 42

B. VERWERKINGE 43

C. DATA OMTRENT DIE KORRELASIES EN DIE BESPREKING DAARVAN 44

1. Korrelasies tussen Rotter 1 en Rotter 2 46

a. Afhanklikheid 46

b. Angstigheid 47

c. Vyandigheid 47

Bladsy

2. Korrelasies tussen Rotter 2 en Vraelystellings 49

a. Afhanklikheid 49

b. Rotter 2 (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie) 50

c. Rotter 2 (Afhanklikheid) en Ullman se "Lack of Self Assertion" 51

d. Rotter 2 (Angstigheid) en Vraelys (Angstigheid) 52

e. Rotter 2 (Vyandigheid) en Vraelys (Siegel se "Manifest Hostility") 53

f. Rotter 2 (Vyandigheid en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal 54

3. Korrelasies tussen Rotter 2 en Rorschachtellings 55

a. Afhanklikheid 55

b. Angstigheid 56

c. Vyandigheid 57

4. Korrelasies tussen Rotter 1 en Vraelystellings 57

a. Afhanklikheid 57

b. Rotter 1 (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie) 58

c. Rotter 1 (Afhanklikheid) en Ullman se "Lack of Self Assertion" 59

d. Angstigheid 60

e. Vyandigheid 61

f. Rotter 1 (Vyandigheid) en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal 62

Bladsy

5. Korrelasies tussen Rotter 1 en Rorschachtellings 63

a. Afhanklikheid 63

b. Angstigheid 63

c. Vyandigheid 64

6. Korrelasies tussen Rorschach en Vraelystellings 64

a. Afhanklikheid 64

b. Rorschach (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie) 66

c. Rorschach (Afhanklikheid) en Ullman se L.S.A. 66

d. Angstigheid 67

e. Vyandigheid 67

f. Rorschach (Vyandigheid) en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal 68

7. Bespreking van Korrelasies tussen die verskillende dele van elke toets 69

a. Rotter 1 (Afhanklikheid en Angstigheid) 69

b. Rotter 1 (Afhanklikheid en Vyandigheid) 70

c. Rotter 1 (Angstigheid en Vyandigheid) 70

d. Rotter 2 (Angstigheid en Afhanklikheid) 70

e. Rotter 2 (Afhanklikheid en Vyandigheid) 71

f. Rotter 2 (Angstigheid en Vyandigheid) 71

g. Rorschach (Afhanklikheid, Angstigheid en Vyandigheid) 71

h. Vraelys (Afhanklikheid en Dominansie) 72

i. Vraelys (Afhanklikheid en Ullman se L.S.A.) 72

j. Vraelys (Dominansie en Ullman se L.S.A.) 72

k. Vraelys (Vyandigheid en Openlike Vyandigheid) 73

l. Vraelys (Vyandigheid en Bedekte Vyandigheid) 73

m. Vraelys (Openlike en Bedekte Vyandigheid) 73

D. GEMIDDELDES, STANDAARDAFWYKINGS EN STANDAARDFOUTE VAN DIE RESULTATE 74

1. Bespreking van die Verspreiding 74

E. VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIES VAN PROEFPERSONE TUSSEN VERWANTE EIENSKAPPE SOOS GEMEET DEUR ROTTER 1 EN ROTTER 2 VIR N=76, 58 EN 52 88

F. VERGELYKING VAN PROEFPERSONE WAT GEPROJEKTEER HET EN PROEFPERSONE WAT NIE GEPROJEKTEER HET NIE TEN OPSIGTE VAN HULLE GEMIDDELDE PRESTASIES OP DIE VRAELYSTELLINGS, ROTTER 1 EN RORSCHACH 93

G. 'N KWALITATIEWE OORSIG 95

H. ALGEMENE AFLEIDINGS VOORTVLOEIENDE UIT DIE KWANTITATIEWE ONTLEDING VAN DIE TOETSRESULTATE 102

SAMEVATTING 106

SUMMARY 109

BIBLIOGRAFIE 112

BYLAE A 118

BYLAE B 123

BYLAE C 126

LYS VAN TABELLE

Tabel		Bladsy
1	Korrelasiekoëffisiënte tussen die verskillende toetstellings	45
11	Gemiddeldes, standaardafwykings en standaardfout van die gemiddeldes	75
111	Kritiese ratios by vergelyking van die gemiddelde prestasies wat behaal is met Rotter 1 en Rotter 2 wanneer verwante eienskappe gemeet word	89
1V	Vergelyking van korrelasies van projekteerders en nie-projekteerders se toetsprestasies.	91
V	Kritiese ratios by vergelyking van die gemiddelde prestasies wat behaal is deur proefpersone wat geprojekteer het en nie geprojekteer het by Rotter 2 nie	94

LYS VAN GRAFIEKE

Grafiek		Bladsy
1	Verspreiding van Rorschachtellings N=58	80
2	Verspreiding van Rotter 1 - tellings N=58	81
3	Verspreiding van Rotter 1 - tellings N=76	82
4	Verspreiding van Rotter 2 - tellings N=58	83
5	Verspreiding van Rotter 2 - tellings N=76	84
6	Verspreiding van Vraelystellings t.o.v. Dominansie, Afhanklikheid en L.S.A. N=76	85
7	Verspreiding van Vraelystellings t.o.v. Openlike Vyandigheid, Bedekte Vyandigheid en Vyandigheid N=76	86
8	Verspreiding van Vraelystellings t.o.v. Angstigheid N=76	87

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN KORT OORSIG

A. INLEIDING

Belangstelling in die outokinetiese fenomeen strek reeds oor baie jare héen. Sedert Von Humbolt (Moustgaard, 1963) op 22 Junie 1799 die verskynsel waargeneem en beskryf het, het dit 'n interessante veld van ondersoek en navorsing geword op die gebied van die kliniese, sowel as die eksperimentele sielkunde.

Die subjektiwiteit van hierdie verskynsel is reeds in 1857 deur Schweizer (Moustgaard, 1963) bewys. Dit het hy gedoen deur 'n vergelyking te maak van die beskrywings van twee persone wat gelyktydig dieselfde ster waargeneem het. Hy het gevind dat daar 'n verskil of teenstrydigheid in die waargenome ervarings van die twee persone is. Hierdie verskille was hoofsaaklik ten opsigte van latentheid en rigting van beweging.

Onbewus van die literatuur wat alreeds oor die outokinese verskyn het, het Charpentier (Moustgaard, 1963) die eerste laboratoriumtoetse uitgevoer deur gebruik te maak van 'n klein ligpuntjie in 'n donker kamer. Sedertdien is daar talle eksperimente uitgevoer wat die subjektiwiteit, sowel as die onderlinge verskille tussen die waarneminge van persone in die outokinetiese situasie beklemtoon.

B. BEKNOPTE OORSIG VAN ENKELE OUTOKINETIESE EKSPERIMENTE

1. Verskille van waarnemings tussen mans en dames.

Newbigging (1954) het eksperimenteel probeer vasstel of daar 'n verskil tussen die waarnemings

2/....

van mans en dames in die outokinetiese situasie is. Hy het 26 mans en 26 dames gevra dat hulle slegs 'n skatting moet maak van die lengte van beweging wat hulle waarneem. In die tweede fase van die eksperiment is aan die proefpersone gesê, dat 'n groter groep proefpersone se gemiddelde skatting twee keer so groot sos dié van hulle eie was. Dit was voorspel dat die dames se skatting tydens die eerste eksperiment kleiner en in die tweede eksperiment groter as dié van die mans sou wees. Hierdie voorspellings is bewaarheid volgens die resultate van die eksperiment.

Chaplin (1955) wys daarop dat hy verskille gevind het tussen die reaksies van mans en dames op geometriese figure wat as outokinetiese stimuli aangebied is. Die verskil wat hy gevind het, was beduidend ten opsigte van latentheid en die mate van beweging. Daar was egter geen verskil ten opsigte van die rigting van beweging nie.

2. <u>Die invloed van die groep of mening van buite</u>.

Daar is heelwat literatuur wat daarop wys dat die reaksies van persone in die outokinetiese situasie sterk beïnvloed kan word deur die mening van die groep, of invloede van buite. (Canning en Baker 1959), (Sherif 1935), (Endler 1960).

Volgens die resultate van 'n studie deur Linton (1954), het hy gevind dat suggestie in die outokinetiese situasie lig werp op twee faktore:

i. Dat die werklike waarneming van outokinetiese beweging, hoewel dit onderling ver-

3/....

skil van persoon tot persoon, blykbaar baie min, indien ooit, beïnvloed word deur suggestie.

ii. Dat die skatting van die mate van beweging dikwels deur suggestie beïnvloed word.

3. Die rol van die prikkel ten opsigte van outokinetiese waarneming.

Navorsing is ook gedoen oor die invloed wat grootte en sterkte van die prikkel kan hê op die waarneminge van persone in die outokinetiese situasie. Daar is gevind dat as die omvang van die prikkel groter gemaak word, terwyl die sterkte van die lig konstant bly, dit die skynbare beweging laat afneem (Luchins 1954). Hierdie bevinding word gestaaf deur Edwards (1954). Hy het gevind dat latentheid van beweging vermeerder en dat die hoeveelheid of mate van beweging verminder, namate die grootte en in 'n mindere mate die sterkte van die prikkel toegeneem het.

Karwoski, Redner en Wood (1948) beweer egter dat 'n klein ligpuntjie in 'n donker kamer nie noodwendig 'n voorwaarde vir die outokinetiese fenomeen is nie. In eksperimente waartydens bykomstige ligte die klein ligprikkel omring het, het hy gevind dat dit die latentheid van beweging laat toeneem en die skynbare beweging laat afneem. Hy maak egter die stelling dat groot oppervlaktes en groter ligsterkte van die prikkel wel gebruik kan word in eksperimente.

4/....

4. Die outokinetiese toets as projektiewe tegniek en as diagnostiese instrument.

Onafhanklike navorsers Voth (1941) en Sexton (1945) het nie alleen groot indiwiduele verskille deur middel van die outokinetiese tegniek gevind nie, maar het ook hoë toets-hertoets betroubaarheid in die geval van die mate en patroon van die skynbare beweging gevind. Hierdie subjektiwiteit en betroubaarheid het natuurlik as aansporing gedien tot verdere ondersoeke na die moontlikheid om van hierdie verskynsel gebruik te maak as en te ontwikkel tot 'n navorsingstegniek en 'n diagnostiese instrument.

Volgens Rechtschaffen en Mednick (1955) kan daar van hierdie verskynsel gebruik gemaak word as 'n moontlike projektiewe tegniek waar dit nodig gevind mag word om sekere besondere persoonlike eienskappe uit te lig. Hierdie tegniek kom daarop neer dat daar aan die proefpersoon gesuggereer word dat die ligpuntjie woorde gaan skryf en dat hy/sy moet lees wat die ligpuntjie gaan skryf. Hulle het gevind dat sommige proefpersone woorde gelees het wat van 'n hoë projektiewe en persoonlike aard is.

'n Soortgelyke eksperiment is gedoen deur Mednick, Harwood en Wertheim (1957). Hulle het gevind dat neutrale woorde makliker „gelees" word as gelaaide woorde (disturbing words). Pogings is ook aangewend om van hierdie tegniek gebruik te maak vir die ontleding van persoonlikheidseienskappe en struktuur.

5/....

Voth (1947), Sexton (1945), Eysenck, Granger en Brengelmann (1957), Kline (1952) en Granger (1953) het byvoorbeeld vergelykings gemaak tussen waarnemings van die skynbare beweging soos dit waargeneem is deur normale persone en dié van persone wat in verskillende psigiatriese kategorieë val. Oor die algemeen was die bevindinge dat daar n verskil is tussen die waarneminge van die normale persone en die van pasiënte. Gravely (Granger, 1953) kon egter geen verskille vind nie. Kline (1952) het gevind dat skisofreniese pasiënte se waarneming baie min of glad nie verskil van dié van normale persone nie.

In teenstelling met bogenoemde het Voth (1947) wat 845 pasiënte en Sexton (1945) wat 50 pasiënte getoets het, gevind dat die pasiënte met skisoïde afwykings uitermate groot (oordrewe) bewegings waargeneem het, terwyl diegene met affektiewe afwykings baie min of geen beweging waargeneem het nie. Voth het verder gevind dat, namate pasiënte besig was om te herstel, hulle waarneminge meer matig geword het. Hy het ook gevind dat pasiënte wat aanvanklik in die matige klas van waarneming geval het, se prognose op herstelling beter was, of hulle nou al behandeling ontvang of nie. Daar is opgemerk dat diegene wat buitengewone groot bewegings waargeneem het se prognose tot herstelling baie swak was.

5. <u>Sensoriese ontneming (afsondering) en outokinetiese waarneming</u>.

Die teoretiese implikasies van sensoriese ont-

6/....

neming of afsondering is volgens Robertson (1961) dat gedrag die gevolg is van interaksie van eksterne en interne stimuli. As die eksterne prikkel afgesonder of geblokkeer word, dan word die indiwidu meer en meer bewus van die interne. Die gevolg van so 'n afsondering is die volgende:

i. Teruggetrokkenheid (preoccupation), dit wil sê, 'n groter konsentrasie op minder en minder, en groter vatbaarheid vir suggestie.

ii. Met alleenlik die oorgeblewe interne stimuli is daar 'n verdere afsondering van enige agtergrond of ander inhoudelike invloede.

iii. Die eindresultaat is 'n vryer en hoër vlak van projeksie van gedagtes en gevoelens sowel as 'n vryer en onkritiese reaksie ten opsigte van die oorgeblewe sensoriese prikkels.

Toepassing van hierdie begrip is gemaak ten opsigte van hipnose, outokinetiese reaksies, skeppende aktiwiteite en abnormale gedrag. 'n Studie met die doel om die hipotese, dat sensoriese afsondering die projeksiedrempel verlaag, te toets, is gedoen deur Robertson (1961). Hy het gebruik gemaak van die outokinetiese tegniek. Hy het geen statisties-beduidende verskil gevind tussen sy eksperimentele en kontrolegroepe nie.

Daar is egter heelwat onlangse ondersoeke wat

7/....

daarop wys dat outokinese tog 'n sensitiewe aanduider kan wees van subjektiewe ervarings en emosionele spanninge soos wat veroorsaak word deur spanning en afsondering. Die data wys daarop dat vatbaarheid vir outokinese verhoog word na sensoriese afsondering, of ontneming van slaap. (Doane, B.K., Mahtoo, W., Heron, W. en Scot, J.H. 1959), (Fisher, S. en Rubenstein, I. 1956).

Verdere studies dui daarop dat gelyktydige sensoriese en sosiale afsondering die latentheid in outokinetiese waarneming verlaag of korter maak as wanneer slegs sensoriese of slegs sosiale of geen afsondering van beide, die outokinetiese situasie voorafgegaan het nie. (Walters en Quinn 1960).

Daar is dus gegewens wat daarop dui dat outokinese maklik bewerkstellig kan word, dat dit subjektief dog betroubaar is, en dat dit 'n sensitiewe aanduider van psigologiese spanning is en dat dit 'n belowende psigometriese tegniek is. (Eysenck et. al. 1957; Doane et. al. 1959; Fisher en Rubenstein, 1956; Walters, Marshall en Shooter, 1960).

8/....

HOOFSTUK 2

DOEL VAN ONDERSOEK, BESKRYWING EN TOEPASSING VAN DIE TOETSE.

A. DIE DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

Uit die navorsings, soos kortliks gestel in Hoofstuk 1, blyk dit dat outokinetiese waarnemings moontlik gebruik kan word om sekere psigiese kenmerke van die persoon aan te dui. Aangesien daar verder verwys is na die moontlike gebruik daarvan ten opsigte van afwykende verskynsels en by projeksie, het die volgende vrae opgeduik:

1. Kan outokinetiese waarnemings gebruik word vir projeksie doeleindes?.

2. Sal dit iets anders, of dieselfde neigings openbaar as ander projeksietoetse?.

3. Sal dit verskynsels op dieselfde bewussynsvlak weergee as die gewone vraelys, of kan verwag word dat dit meer sal neig tot die vlak van die onbewuste?.

B. SELEKSIE VAN TOETSE

In 'n poging om hierdie vrae te probeer beantwoord, is die probleem soos volg benader:

1. 'n Toets is gesoek wat gewoonweg en in die outokinetiese situasie voltooi kon word. 'n Sinsvoltooi-

9/....

ingstoets het hiervoor baie geskik gelyk en daar is besluit om Rotter se Onvoltooidesinnetoets vir Kollegestudente te gebruik en wel op die volgende twee maniere:

a. Gewoonweg as papier-en-potloodtoets in die groepsituasie.

b. In die outokinetiese situasie - indiwidueel.

Die beoordeling van die response van Rotter se Sinsvoltooiingstoets soos verkry in situasies a en b, is gedoen volgens die handleiding wat opgestel is vir die beoordeling van response van Kollegestudente. Hierdie handleiding is voorberei deur K. Edward Renner onder die direksie van Brendan A. Maher. Hierdie beoordelingskaal maak voorsiening vir die toekenning van punte ten opsigte van afhanklikheid, angstigheid en vyandigheid.

Die vertaling van die onvoltooide sinne is gedoen deur dr. D.J.W. Strümpher onder wie se leiding hierdie studie aanvanklik begin is.

2. Om die vlak van bewussyn waarop die outokinetiese waarneming sou funksioneer nader te probeer bepaal, is 'n aantal persoonlikheidseienskappe geneem en getrag om dit op twee verskillende bewussynsvlakke te meet. Vir die meer bewuste vlak is gebruik gemaak van gewone Vraelyste, terwyl vir die meer nie-bewuste vlak, van die Rorschach gebruik gemaak is.

Die persoonlikheidseienskappe met die maatstawwe daarvoor was die volgende:

10/....

a. Afhanklikheid.

1. Vraelyste:

i. Dominansieskaal van Gough, H.G., Mc.Closky, H. en Meehl, P.E.

ii. Afhanklikheidskaal van Navran, L.A.

iii. Skaal vir gebrek aan selfgelding (lack of selfassertion) van Ullman, L. (1958). Die skaal bestaan uit 'n kombinasie van i en ii waarby oorvleuelende items net eenkeer getel word, nasienrigting van i omgekeer word en die totaal van i en ii dan gekry word.

2. Rorschach:

i. Afhanklikheidskaal van Levitt, E.E., Lubin, B., en Zuckerman, M.

b. Vyandigheid.

1. Vraelyste:

i. Bedekte Vyandigheidskaal van Bendig, A.W.

ii. Openlike Vyandigheidskaal van Bendig, A.W.

iii. "Manifest Hostility" van Siegel, S.M.

2. Rorschach:

i. Vyandigheidskaal van Elizur, A.

11/....

c. Angstigheid.

1. Vraelys:

i. Die skaal vir Sosiale Ekstroversie-Introversie en Emosionaliteit van Bendig, A.W.

2. Rorschach:

i. Angstigheidskaal van Elizur, A.

C. BESPREKING VAN DIE TOETSE WAT IN HIERDIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

1. Rotter se sinsvoltooiingstoets.

Hierdie studie is gedoen deur Rotter, Julian, B., in samewerking met luitenant Benjamin Willerman (1947), aan die Herstellingshospitaal van die leër en lugmag. 'n Onvoltooide sinnetoets is ontwikkel, omdat daar 'n behoefte was vir 'n siftingstoets wat op groot groepe gelyktydig toegepas kon word met die doel om die geestelike gesondheid vir hervatting van diens vas te stel. 'n Verdere doel van die toets was ook om 'n aanvanklike evaluasie van pasiënte ten opsigte van indiwiduele probleme, konflikte en emosionele houdings aan te dui, sowel as die mate van herstelling tydens die verblyf in die hospitaal.

Die meer struktuele toetse soos die Persoonlikheidsvraelyste was nie genoegsaam onderskeidend van aard nie. Projektiewe tegnieke wat maklik ontleedbaar is, soos byvoorbeeld die "Multiple-Choice" Rorschach, was ook nie goed genoeg vir dié doel nie.

12/....

'n Metode van telling vir elk van die veertig response is ontwikkel en die betroubaarheid sowel as die geldigheid van hierdie tellingsmetode (scoring method) is toegepas op 200 pasiënte. Toetsbetroubaarheid was .85 en interbeoordelaarsgeldigheid vir sewe beoordelaars van dieselfde vyftig protokolle was .89. Die geldigheidskriterium vir die toets, as 'n siftingstoets, is gebaseer op die oorspronklike evaluering van 'n Sielkundige ten opsigte van die graad van versteuring van die pasiënte. Die beoordeling van die Sielkundige was op die volgende data gebaseer:

a. Informasie verkry deur gevallestudies.

b. Gesondheids- en Persoonlikheidsvraelyste.

c. Toelatingsdiagnose.

d. 'n Toets vir geestesdisfunksionering (mental dysfunctioning).

e. 'n Sielkundige onderhoud.

'n Koëffisiënt van .61 dui op die geldigheid van dié toets om die graad van versteuring van 'n persoon aan te dui.

Omdat hierdie tegniek die moontlikheid inhou as siftingstoets in ander situasies soos skole, kolleges, industrieë ens., is Sinsvoltooiingstoetse ontwikkel vir kollegestudente en hoërskoolleerlinge en die geldigheid daarvan bepaal. (Rotter, J.B., Rafferty, Janet E. en Schachtitz, Eva. 1949; Rotter, J.B., Rafferty, Janet E., en Lotsof, B. 1954; Churchill, R. en Crandall Vaughn J. 1955; Rotter, Julian B., 1950).

13/....

Die Sinsvoltooiingstoets vir kollegestudente is in 'n baie groot mate dieselfde as dié vir volwassenes. Daar is slegs ses items wat anders is sodat dit aanpas by die jonger ouderdomsgroep. Die Sinvoltooiingstoets vir kollegestudente wat in hierdie ondersoek gebruik is, bestaan uit veertig onvoltooide items op 'n antwoordblad. Die nodige ruimtes is op die blad aangebring vir informasie soos ouderdom, geslag, ens.. Elke item moet voltooi word op 'n gestippelde lyn van vyf tot ses duim lank. Hierdie beperking het 'n blykbare nadelige invloed op diegene wat breedvoerige voltooiings maak. 'n Voordeel waarop aanspraak gemaak word, is dat die tyd wat in beslag geneem word vir die nasien en beoordeling van hierdie toets minder is as dié van ander projektiewe tegnieke.

Die beoordelingstellings soos dit in die beoordelingshandleiding voorkom, is empiries vasgestel en bied 'n sewepuntskaal aan wat 'n kontinuum dek van baie goeie aanpassing tot 'n behoefte aan psigoterapie. Dit is moontlik vir 'n onervare ontleder om 'n enkele voltooide antwoordblad binne vyftien minute te beoordeel weens die relatiewe objektiwiteit van beoordeling. Interbeoordelaarsbetroubaarheid is bereken op .91 en .96 vir ervare beoordelaars op hierdie toets vir vyftig mans en vyftig dames respektiewelik.

Spearman-Brown betroubaarheidskoëffisiënte van .84 en .83 is gevind vir 124 mans- en 71 damestudente respektiewelik. Die vermoë van hierdie toets om goedaangepaste en wanaangepaste studente te onderskei word aangedui deur biseriale korrelasie-

14/....

koëffisiënte van .50 vir 82 dames en .62 vir 124 mans. Alhoewel daar gevoel word dat meer geldigheidsdata, gebaseer op beter kliniese kriteria, verkry behoort te word, wil dit tog voorkom asof hierdie toets groot eksperimentele potensiaal inhou en bruikbaar behoort te wees as 'n siftingstoets en as meetinstrument wanneer die graad van konflik of wanaanpassing vasgestel wil word.

2. Dominansieskaal:

Hierdie skaal is ontwikkel deur Gough, H.G., Mc. Closky, H. en Meehl, P.E. (1951). Die ontwikkeling van hierdie skaal is 'n onderdeel van 'n groter projek wat ten doel gehad het om die geldigheid te ondersoek van sekere idees wat gehuldig word deur politieke wetenskaplikes, politieke leiers en gewone burgers oor die aard en gang van die demokratiese proses, politieke gedrag en politieke deelname.

'n Voorlopige teoretiese analise het daarop gedui dat faktore soos bewustheid (awareness), verantwoordelikheidsin, sosio-ekonomiese status, gemeenskapsidentifikasie, gevoelens van verbystering en verwarring, intellektualiteit, dominansie, ens. 'n rol mag speel. Aandag is gevolglik gegee aan tegnieke om hierdie veranderlikes te meet. Die opstellers het dominansie beskou as 'n besonder belangrike faktor in die verhouding tot politieke deelname en gevolglik is daar besluit om 'n nuwe persoonlikheidskaal te ontwikkel met 'n groter aantal items, wat 'n wyer en groter beduidende veld dek as wat in ander reeds bestaande

15/....

tegnieke voorkom. In die tweede plek moes dié skaal 'n hoë korrelasie toon met groepbeoordelings.

Die tegniek wat gevolg is in die ontwikkeling van hierdie skaal was dié van "peer group nomination", met ander woorde, nominasie deur bekendes in 'n groep. Elke proefpersoon is gevra om die lede in sy groep te nomineer wat hý, die proefpersoon, as die mees of minste dominerend beskou. Verskeie groepe is by hierdie deel van die ondersoek betrek. Die groepe het bestaan uit 'n mans- en damesgroep van die Universiteit van Minnesota, sowel as verskeie groepe wat in die sosiale wetenskappe gestudeer het aan die North High School in Minneapolis. Gesamentlik was daar ± 100 proefpersone aan die Universiteit en 124 leerlinge van die hoërskool by dié studie betrokke.

Elke student wat by die studie betrokke was, is voorsien van algemene inligting waarvolgens hulle dominansienominasies sowel as persoonlike beoordelings moes maak. Die aanwysings was soos volg:

"The dominant person tends to be the "stronger" in face-to-face personal situations, for instance, with friends, sales people, etc. He is able to influence others, to gain their automatic respect and if necessary to control them. He is not readily intimidated or defeated, and his own feelings in most face-to-face situations seem to be feelings of safety, security, personal rightness and self-confidence. Such people are often described by others as "forceful", "masterful", "strong", "confident", "authoritative", and "sure of himself".

16/....

People with low dominance are submissive. They appear and feel weaker in face-to-face contacts. They find it hard to assert themselves, to stand up for their rights and opinions, and are more easily influenced and intimidated by others. When a dominant person and submissive person come in conflict, the dominant one gets his way.

There are three things to be especially careful about in rating dominance:

a. Do not assume that "dominance" means domineering or "autocratic". While most domineering people are dominant, not all dominant people are domineering. Dominant people do not necessarily become leaders, or go out of their way to control or influence others. But whether they do or do not, they create this effect of masterful self-assurance and others are often influenced by them. They may be very fair and reasonable; they may not want to lead people; yet still this dominance shows through.

b. Please rate on the basis of the person's actual behavior, not on the basis of how you think he would like to act, how he fancies himself in his daydreams etc. We want to know how dominant he is in actual behavior.

c. Remember that some people get into positions of prestige and power and thus control others even though they may not be particularly dominant, for instance, because they are very bright, or have much money etc. Do not

17/.....

confuse this with the personal trait of dominance, which we are asking you to judge".

Volgens hierdie aanwysings is die hoërskool-leerlinge gevra om die vyf mees en die vyf minste dominante persone in daardie spesifieke klas te nomineer. Voorsiening is gemaak dat geen proef-persoon twee keer genomineer word nie. In die Universiteitsgroep is studente gevra om die tien mees en die tien minste dominante van die onderskeie mans- en damesgroepe te noem. Om kriteriumgroepe uit te sorteer vir itemanalise is die keuse van elke mees dominante nominasie met +1 gelaai en elke minste dominante nominasie met -1. Deur hierdie ladings bymekaar te tel het elke genomineerde n telling gekry. Op hierdie basis is rangorde en seleksie verkry. Daar was n groot verspreiding van tellings wat daarop gedui het dat sekere studente beslis as dominerend gesien word en ander as onderdanig.

Die selfbeoordeling het nie hierdie verspreide tellings getoon nie, omdat soos verwag is, daar min proefpersone was wat bereid sou wees om hulself as onderdanig te beoordeel. Die korrelasie tussen die groep en selfbeoordeling vir die Universiteitsgroep was .421, Standaardfout .14 en vir die hoërskool-groep .441, Standaardfout .09.

Voordat die bogenoemde nominasies van elke groep verkry is, is daar n vraelys aan die proef-persone gegee om te voltooi. Die vraelys het bestaan uit 150 items, spesiaal opgestel met die doel om die dominante faktor uit te lig soos dit toé

18/....

deur skrywers begryp was. Uit die Universiteitsgroep is subgroepe saamgestel bestaande uit 25 mees en 25 minste dominante proefpersone (dertien dames en 12 mans in elke groep) vir itemanalise. Daar is nie 'n poging aangewend om vas te stel òf mans òf dames die meeste dominant is nie, omdat rangordes vir dames en mans apart opgestel is en slegs die uiterste gevalle geneem is vir die daaropvolgende analise. Uit die hoërskoolgroep is subgroepe van 25 proefpersone uit elke uiterste gekies, (12 dames en 13 mans vir elke groep). In hierdie geval het die mans 'n geringe groter neiging tot dominansie getoon as die dames.

'n Aantal Universiteitstudente het voorheen, as deel van 'n roetinetoetsing, die M.M.P.I. voltooi. Op die basis van hierdie resultate wat beskikbaar was, is die response van die sestien mees en sestien minste (8 mans en 8 dames) dominante studente bestudeer. Omtrent 100 M.M.P.I.-items is uitgesonder vanweë hul blykbare vermoë om onderskeid aan te dui tussen die twee groepe. Hierdie 100 items is ook aan die hoërskoolleerlinge gegee om te voltooi 'n paar dae na die bogenoemde vraelys. Elk van die kriteriumsubgroepe vir hierdie tweede analise het 12 mans en 12 dames ingesluit. Van die twee-itemanalise uit elk van die twee groepe (hoërskool en Universiteit), is 'n totaal van 60 items uitgesonder wat elk 'n onderskeidingsvermoë in elk van die twee groepe getoon het. Twee-en-dertig van hierdie items is oorspronklik en 28 items is uit die M.M.P.I. geneem.

Die volgende stap in die ontwikkeling van hier-

19/....

die skaal was om die betroubaarheid daarvan te bepaal. Volgens die Kuder-Richardsonformule No. 21,, is 'n koëffisiënt van .79 gekry vir die gekombineerde verspreiding van die twee oorspronklike monsters. Om die geldigheid van die skaal te bepaal is verskeie korrelasies bereken. Die korrelasie tussen die tellings op die dominansieskaal en dominansiebeoordelings was .599, standaardfout .14 vir die Universiteitsgroep en .687, standaardfout .09 vir die hoërskoolgroep. Vir die hele 60-item dominansieskaal, was die gemiddeldes en standaardafwykings 37.06 en 8.47, 34.11 en 8.06 vir die totale universiteitsgroep en hoërskoolgroep respektiewelik.

Alhoewel daar sekere tekortkominge in hierdie skaal erken word, kom die opstellers hiervan tot die gevolgtrekking dat hierdie 60-itemskaal 'n bruikbare meetinstrument is en dat dit betroubare resultate behoort te gee.

3. Afhanklikheidskaal.

Hierdie skaal is ontwikkel deur Navran, L.A. (1952). Aanvanklik is daar van die M.M.P.I. gebruik gemaak vir die ontwikkeling van hierdie vraelys as meetinstrument vir afhanklikheid. 'n Oorspronklike poging om so 'n skaal empiries te ontwikkel het misluk, omdat ervare klinikusse nie daarin kon slaag om uit gevallestudies, betroubare beoordelings ten opsigte van afhanklikheid te maak nie. 'n Rasionele afleiding is opgestel. Sestien beoordelaars, onafhanklik van mekaar, het al die M.M.P.I.-items uitgesonder wat volgens hulle mening afhanklikheidsresponse sou ontlok.

20/....

Hierdie beoordelaars het verder die aard en rigting van response, soos dit deur 'n hipotetiese afhanklike persoon wat spontaan reageer, gemaak sal word, gespesifiseer. Nadat faktoranalise gedoen is, kon een hooffaktor, waaroor agt beoordelaars saamgestem het, uitgelig word.

Die 157 items waaroor hulle saamgestem het, is verder ondersoek vir hulle onderskeidende vermoë deur toepassing op 'n steekproef neuropsigiatriese pasiënte en die bepaling van die interne konstantheid van die items. 'n Tweede groep gelyksoortige pasiënte is gebruik vir kruisevaluering van die onderskeidingsvermoë van die items wat verkry is. Dieselfde prosedure is herhaal met groep twee eerste en kruisevaluering met groep een. Sewe-en-vyftig items het hierdie toetsing deurstaan en maak tans die afhanklikheidskaal uit. Betroubaarheid is .91 volgens die Kuder-Richardsonformule No. 20.

4. Bedekte en openlike vyandigheidskaal.

Volgens Bendig, A.W. (1961), is dit duidelik dat Buss-Durkee (1957) se vyandigheidsvraelys deur middel van sy agt subskale, twee verskillende vyandigheidseienskappe meet. Dit is derhalwe wenslik en beter as daar liewer twee aparte tellings verkry kan word van hierdie twee uiteenlopende eienskappe. Hy meen dat twee afsonderlike tellings groter diagnostiese waarde het en dat die resultate makliker hanteerbaar sal wees as die resultate van agt sub-skale.

As gevolg van bostaande uitgangspunt het

21/....

Bendig, A.W. (1962) navorsing gedoen met die doel om ten minste voorlopige skale, wat die twee vyandigheidseienskappe sal meet, te ontwikkel. Die 75-item vyandigheidsvraelys het hy toegepas op twee groepe kollegestudente wat Sielkunde bestudeer het. Faktorontleding het twee afsonderlike faktore naamlik bedekte vyandigheid (B.V.) en openlike vyandigheid (O.V.) aangetoon. Hierdie skale is op 'n nuwe groep proefpersone bestaande uit 150 mans en 150 dames toegepas. Die B.V. en O.V.-skale se betroubaarheidskoëffisiënte was .77 en .70 vir die mans en .73 en .69 vir die dames. Interkorrelasie binne elke groep was .40 en .44.

Die volgende itemnommers van Buss en Durkee (1957) bl. 346 - 347, is die geldige items wat in die B.V. - O.V.-skaal opgeneem is.

B.V. : 11, 16, 18, 19, 20, 21F, 28, 32, 36, 44, 45, 48, 52, 53, 54, 56, 60, 66F, 69 en 71F.

O.V. : 1F, 7, 15, 17F, 25, 27F, 39F, 43, 49, 51, 57, 63F, 65 en 70.

5. Vyandigheidskaal.

Inleiding:

Volgens die bestaande literatuur met betrekking tot die verwantskap tussen vyandigheid en die outoritêre (authoritarianism), is daar eenstemmigheid dat alle mense gevoelens van vyandigheid besit, maar dat dit 'n spesifieke karaktereienskap van die outoritêre persoon is. Volgens Siegel (1956), sien Fromm (1941) die

22/....

outoritêre persoon as 'n vyandiggesinde persoon, veral in sy verhouding tot diegene wat weerloos is. "The very sight of the powerless person makes him want to attack, dominate, humiliate him". Maslow (1943) huldig dieselfde sienswyse, naamlik dat vyandigheid een van die basiese eienskappe van die outoritêre persoon is. Sy vyandigheid is gewoonlik gerig op die spreekwoordelike swartskaap. Adorno, Frenkel-Brunswik, Levinson en Sanford (1950) se beskrywing van die outoritêre persoonlikheid stem ooreen met die van Fromm en Maslow. Hulle bevinding is dat die outoritêre persoon geneig is om sy vyandigheid in 'n diffuse, intense en baie maal irrasionele wyse op die omgewing te projekteer.

Siegel (1956) het by wyse van navorsing probeer om die outoritêre persoon se predisposisie tot vyandigheid vas te stel. Hy het gevoel dat so 'n predisposisie beter vasgestel kan word deur 'n toets wat nie 'n duidelike aanwysing of tendens tot vyandigheid bevat nie. Hy het in sy studie gebruik gemaak van twee onafhanklike vyandigheidskale, naamlik 'n objektiewe toets, die "Manifest Hostility Scale" en 'n projektiewe toets naamlik Elizur (1949) se "Content analysis of the Rorschach with regard to anxiety and hostility".

Die "Manifest Hostility Scale".

Hierdie objektiewe toets is deur Siegel (1956), ontwikkel met die spesifieke doel om bogenoemde studie uit te voer. Al die M.M.P.I.-

23/....

items wat moontlik 'n respons van vyandigheid sou ontlok, is geneem. Op die wyse is 110 items uit die M.M.P.I. geneem. Die skrywer het vier oorspronklike items van sy eie by die lys gevoeg. Hierdie lys is aan vyf beoordelaars gegee met die versoek om alle items wat duidelike vyandigheid reflekteer, uit te sonder, As kriterium vir klaarblyklike vyandigheid is gebruik gemaak van die "Veterans Administration technical bulletin on psychiatric nomenclature" (1947). Oor 53 van die 114 items was daar 'n ooreenstemming van 80%. Drie items is weggelaat, omdat hulle 'n herhaling van ander items was, of omdat daar gevoel is dat hulle moeilik verstaanbaar is. Verder is daar gevind dat 18 van die finale vyftig items reeds as bufferitems in die "Manifest Anxiety Scale" van Taylor voorkom. Die oorgeblewe 32 items is in die Taylorskaal vervang sonder om die angstigheidsitems te verskuif. Die gelykongelyk (odd-even) betroubaarheidskoëffisiënt van die M.H.S. is .84.

Die "Elizur Rorschach Content Test".

Die tweede skaal wat hier gebruik is, is die "Rorschach Content Test of Hostility" (R.C.T.-h). Hierdie tegniek, ontwikkel deur Elizur (1949), is gebaseer op die analise van Rorschach vryeassosiasie-inhoud. Response wat duidelik bewyse van vyandigheid inhou, soos byvoorbeeld diere wat veg, kry 'n telling van twee, terwyl response wat minder vyandigheid inhou, soos byvoorbeeld "mes", kry 'n telling van een. Die totale telling

24/....

van die protokol gee n kwantitatiewe aanduiding van die mate van vyandigheid. In hierdie geval is gebruik gemaak van twee beoordelaars. Inter-beoordelaarsbbetroubaarheidskoëffisiënte is .78.

Bevinding.

Hierdie twee toetse is toegepas op twee steekproewe. Die uiteenlopende of teenstrydige (discrepant results) resultate wat hy in sy ondersoek ten opsigte van dié twee vyandigheidstoetse gevind het, dui op die noodsaaklikheid tot verdere ondersoek van die twee toetse. Verskeie studies dui egter op die geldigheid van R.C.T.-h. (Corlow, L., Zimet, C.N. en Fine, H.J. 1952; Sanders, F. en Cleveland, S.E. 1953). Aangesien die M.H.S. se geldigheid nog geverifieer moet word, bestaan die moontlikheid dat die M.H.S. minder geldig is as die R.C.T.-h. Hierdie moontlikheid word egter verminder deur die feit dat die resultate wat deur die M.H.S. verkry is, ooreenstem met die verwagtinge soos in die literatuur beskryf word.

Statistiese analise van die verwantskap tussen die M.H.S. en outoritêrisme dui daarop dat groepe wat hoog is op die outoritêre dimensie groter openlike vyandigheid openbaar as groepe wat laer is op dié dimensie. Toepaslike resultate op die verwantskap tussen R.C.T.-h. en outoritêrisme, dui op minder besliste neigings dat die groepe, laag op die outoritêre dimensie groter bedekte vyandigheid besit as die groep wat hoog op dié dimensie is.

25/....

6. Skaal vir Sosiale Ekstroversie-introversie en Emosionaliteit.

Bendig, A.W. (1962) het 159 items uit Eysenck se "Maudsley Personality Inventory", Taylor se "Manifest Anxiety Scale", die M.M.P.I. se "Si-skaal" en die "Restraint and Thoughfulness Scale" van "Guilford-Zimmerman Temperament Survey", geneem. Hy het hierdie items na eerstepersoonverklarende sinne verander en dit in die vorm van 'n vraelys op universiteitstudente toegepas. Die waar-onwaar-antwoorde op 118 items wat van 300 proefpersone (150 mans en 150 dames) verkry is, is geïnterkorreleer en twee hooffaktore is uit die matrys gehaal. Die 25 beste "Sosiale ekstroversie-introversie" en die 25 beste emosionaliteitsitems is uitgesoek. Die antwoorde op hierdie 50 items plus veertig items van die G.Z.T.S. is geïnterkorreleer op 'n nuwe steek-proef van 300 proefpersone (150 mans en 150 dames). Twee faktore is daar uitgehaal en tot 'n eenvoudige struktuur geroteer. Die 30 beste items van elke faktor is uitgesoek om die finale S.E.-I. en Em.-skaal te vorm.

Die antwoorde van 'n derde steekproef van 200 proefpersone (100 mans en 100 dames) is verwerk om die psigometriese doeltreffendheid van die twee toetse vas te stel. Daar was geen beduidende geslagsverskille by gemiddeldes, standaardafwykings, betroubaarheidskoëffisiënte of interskaalkorrelasies nie. Vir die N van 200 is betroubaarheids-koëffisiënte van .88 vir albei toetse op die totale groep verkry. Betroubaarheidskoëffisiënte met die Kuder-Richardson 20 formule vir mans was .87 vir

26/.....

die S.E.-I.-skaal en .89 op die Em.-skaal. Vir vroue was dit .88 en .88 onderskeidelik. Volgens Bendig is hierdie toetse meer betroubaar en faktorgeldig vir die persoonlikheidsdimensies wat dit meet as enige ander skaal en dit kan dus aanbeveel word vir navorsingswerk oor die persoonlikheid.

7. Rorschach.

a. Vyandigheid en angstigheidskaal:

Vir die doel van hierdie ondersoek is daar besluit om gebruik te maak van die Rorschach in 'n groepsituasie. Die beoordeling van die response is gedoen volgens Elizur, A. (1949) se "Content Analysis of the Rorschach with regard to Anxiety and Hostility". Die oorspronklike doel van Elizur se studie was om 'n nuwe metode van ontleding en beoordeling (scoring) te ontwikkel vir Rorschachresponse. Daar is gevoel dat die gewone prosedure van kategorisering, hoewel dit baie belangrik is, tog nie voldoende is om opvallende kliniese kenmerke, wat in die inhoud opgesluit is, aan te dui nie.

'n Nuwe benadering tot beoordeling is gemaak, gegrond op die konsep van sisteme van spanning wat in die indiwidu aanwesig is. In die loop van die eksperiment het dit egter duidelik geword dat hierdie nuwe benadering ontwikkel kan word tot 'n onafhanklike meetinstrument vir angstigheid en vyandigheid. Die hoofdoel van sy ondersoek het gevolglik ten doel geword om die geldigheid en betroubaarheid van

27/....

'n meetinstrument, gebaseer op inhoud, ten opsigte van angstigheid en vyandigheid, te bewys.

Inkkolle as waarnemingstoets.

In sy studie het hy Rorschach se fundamentele veronderstelling, dat reaksies op inkkolle in die sfeer van waarneming val, aanvaar. Rorschach beweer (Elizur 1949) met reg dat 'n persoon nie 'n prent (inkkol), verklaar of uitlê nie, maar dat hy sê wat hy sien. So 'n persoon mag selfs verbaas wees dat 'n ander persoon iets anders as hyself sien. Rorschach maak dan ook tereg die afleiding dat so 'n eksperiment ook 'n toets van die waarnemingsvermoë van 'n persoon genoem kan word. In hierdie studie van Elizur sien hy waarneming as die vertolking van 'n prikkel wat op die indiwidu inwerk. Hy sien dit as die integrasie van 'n huidige prikkel en ondervindinge van die verlede, tot een enkele ondervinding. Waarneming is dus meer as 'n kennisnemende funksie; dit verteenwoordig eintlik die produk van die integrasie van baie aspekte van die totale persoonlikheid, insluitende die behoeftes, strewe en emosies.

In die studie van Elizur word daar 'n poging aangewend om uitsluitlik aandag te gee aan die inhoud van die response. Alhoewel hy terdeë bewus is van die belangrikheid van die formele benadering, glo hy tog dat die ontleding van die inhoud van waarnemingsreaksies (response) ook geskik is om belangrike aspekte

28/....

van geesteswerkinge (psychodynamics) van die persoonlikheid te onthul en dat die voorgestelde "Rorschach Content Test" (afgekort na R.C.T.) sy bruikbaarheid mag bewys as 'n addisionele instrument in die studie van persoonlikheid.

Sisteme van spanning:

Alhoewel 'n deeglike en noukeurige ontleding van die inhoud, data verskaf van verskillende aspekte van die persoonlikheidsfunksionering, gee Elizur slegs aandag aan twee aspekte naamlik angstigheid en vyandigheid. Hierdie faktore word beskou as sisteme van spanning wat in die persoon aanwesig is en gevolglik verantwoordelik is vir sekere response op inkkolle.

'n Persoon wat onder die invloed van die een of ander spanningsisteem verkeer, is in dieselfde geestestoestand as wat deur Lewin beskryf word met verwysing na 'n indiwidu wat 'n impuls ondervind om 'n sekere handeling uit te voer. Volgens Lewin (Elizur 1949) bou 'n voorneme 'n interne toestand van spanning in die indiwidu op wat neig om „deur te breek" (tot uiting te kom) sodra die geleentheid daar is. Sisteme van spanning is in ander woorde nie gebind tot 'n definitiewe voorwerp nie, maar is algemeen van aard, vry-beweeglik en vatbaar of geneig tot substitusie. In hierdie studie word angstigheid gesien as 'n innerlike toestand van onsekerheid wat een of ander van die volgende vorms kan aanneem: angs, fobieë, gebrek aan selfvertroue, buitengewone skaamheid en besondere sensitiwiteit.

29/....

Vyandigheid kenmerk gevoelens van afkeur en vyandigheid wat dikwels in ons kultuur onderdruk word, maar byna onvermydelik opduik in die indiwidu se verdraaide houding teenoor ander wat òf antagonisties òf te onderdanig kan wees. In laasgenoemde geval het ons te doen met die meganisme wat deur Freud (Elizur 1949), beskryf word as reaksievorming (reaction formation). Beide sisteme van spanning, angstigheid sowel as vyandigheid, mag tot uiting kom teen mense of diere, konkrete voorwerpe of teen die natuur in die algemeen.

Die R.C.T. word dus in hierdie studie aangebied as 'n tegniek vir die meting van angstigheid- en vyandigheidspanning deur middel van inhoudsbeoordeling. Response wat duidelike bewyse van angstigheid inhou, word na verwys as „A" response; die response wat duidelike bewyse van vyandigheid inhou word na verwys as „H" response. Beide tipes van hierdie response sal ook na verwys word as simptomatiese response teenoor alle ander response wat as neutrale response beskryf word. Daar moet op gewys word dat hierdie eksperiment nie daarop aanspraak maak dat 'n algehele beeld van die persoonlikheid gegee word nie; dit het slegs betrekking op angstigheid en vyandigheid. Hierdie twee dinamiese kragte van spanning is verantwoordelik vir sommige response van die proefpersoon op die inkkolstimuli. Die proefpersoon is meesal onbewus van die feit dat sy eie persoonlikheidstruktuur 'n aktiewe rol speel in sy waarnemings van die kaartstimuli en is

30/....

gewoonlik oortuig daarvan dat dit werklik is wat hy sien. Die werking van hierdie proses is van tweërlei aard:

i. Werking na buite (externalization)

ii. Identifikasie.

Eersgenoemde vind plaas wanneer die indiwidu 'n oorsaak buite homself vind vir sy angstigheid of vyandigheid. Hy sien gedrogte, drake, bomontploffings (angstigheid), lelike vrouens, onnosele man (vyandigheid), ens. Identifikasie vind plaas wanneer die persoon waarnemings maak waarmee hy homself kan identifiseer en op hierdie wyse uiting vind vir sy gevoelens van angs of vyandigheid. Hy sien byvoorbeeld bang mense, diere wat ontsnap (angstigheid), of vegtende diere, mans wat twis (vyandigheid). Die ontleding van hierdie response is baie eenvoudig en redelik objektief sodat dit nie nodig is om jarelange ervaring van die Rorschachtegniek te hê, om 'n beoordeling van 'n respons te maak nie. 'n Hoë korrelasie van betroubaarheid is bewys.

b. <u>Afhanklikheidskaal</u>.

Die beoordeling van Rorschachresponse vir afhanklikheid is gedoen volgens die beoordelingskaal wat ontwikkel is deur Lewitt,E.E., Lubin, B. en Zuckerman, M. (1962).

Alhoewel afhanklikheid, naas vyandigheid en angstigheid, as een van die basiese elemente in die

31/....

persoonlikheidsteorie aanvaar word in kliniese navorsing, is daar veel minder gedoen aan die ontwikkeling van metingskale vir afhanklikheid as in die gevalle van angstigheid en vyandigheid. Die studie van bogenoemde navorsers is 'n poging om 'n bydrae te lewer tot 'n metode van objektiewe meting van afhanklikheid. Die resultaat is 'n relatiewe eenvoudige metode om Rorschachresponse volgens inhoud te ontleed vir afhanklikheid.

Hierdie beoordelingsisteem is 'n vereenvoudiging van dié van De Vos (1952 en 1955). In De Vos se beoordelingsisteem kom daar afhanklikheidsbeoordelings voor wat ook as aanduidings van angstigheid of vyandigheid geneem kan word. Sulke teenstrydighede is in die ontwikkeling van hierdie vereenvoudigde sisteem uitgesluit. De Vos se primêre kategorieë en 64 subkategorieë is gekondenseer tot drie primêre kategorieë en sestien subkategorieë. Die basiese afleidinglogika wat De Vos gebruik het, is deur hierdie navorsers behou.

Om die betroubaarheid van hierdie beoordelingsisteem vas te stel, is daar op 'n groep van 72 tweedejaar- verpleegstudente aan die Universiteit van Indiana, in 1959, 'n Rorschachtoets toegepas deur middel van 'n skyfieprojektor, en later weer in 1960. Elke skyfie is vir drie minute lank geprojekteer waartydens die studente hul waarnemings moes neerskryf. Elke protokol van beide toetse is deur dieselfde twee beoordelaars beoordeel. Nie een van die twee beoordelaars het Sielkunde bestudeer nie. Die korrelasies tussen die twee groepe se resultate soos toegeken deur die twee beoordelaars was onderskei-

32/....

delik .83 en .76. Hierdie korrelasies vergelyk gunstig met die van .68 wat deur De Vos (1952) aangegee word. De Vos het ervare beoordelaars gebruik. Die hoër betroubaarheidskorrelasie wat die opstellers gevind het, word toegeskryf aan die groter gemak van beoordeling volgens hulle nuwe sisteem, in vergelyking met die sisteem van De Vos.

D. ALGEMEEN

Al hierdie skale behalwe Rotter se Sinsvoltooiingstoets en Rorschach se Inkkoltoets is van die gedwonge-keuse tipe. Al wat verlang word is om slegs 'n X oor die O of W (onderskeidelik onwaar of waar) te trek op die antwoordvel. Die nasien daarvan is gedoen met behulp van verskeie maskers wat vir die doel gemaak is.

Omdat die beoordeling sowel as die nasien van hierdie toetse 'n minimum tyd in beslag neem en die beoordeling daarvan heeltemal objektief is, is daar besluit om al die items saam te vat in een enkele vraelys. Daar is egter voorsorg getref dat die verskillende items behoorlik versprei is.

Die vertaling van die items is gedoen in medewerking met 'n onderwyser wat Engels aan 'n hoërskool doseer. Vir die afgelope paar jare is hy deur die Transvaalse Onderwysdepartement benoem as eksaminator vir Engelse vraestelle. Daar is deurgaans probeer om die vertaling so te doen dat dit so na as moontlik 'n weergawe van die Engelse ekwivalent is. Die finale goedkeuring van die vertaling is deur D.J.W. Strümpher gedoen.

Die aanwysings is op die buiteblad van die vrae-

33/....

lys aangebring en lui soos volg: „Op die volgende bladsye volg 'n aantal beweringe omtrent persoonlike houdinge en kenmerke. Lees elke bewering deur en besluit dan of dit met betrekking tot jou persoonlik waar of onwaar is. Gee jou eie mening omtrent jouself soos jy op die oomblik voel.

Antwoord op die afsonderlike antwoordblad. Trek 'n duidelike kruis oor die W as die bewering met betrekking tot jouself waar is, of 'n kruis oor die O as die as die bewering onwaar is. Moenie items onbeantwoord laat nie, al moet jy ook raai. Maak seker dat die nommer op die antwoordblad ooreenkom met die nommer van die bewering wat jy beantwoord. Hierdie gegewens sal streng vertrouelik behandel word en slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word".

E. METODE EN PROSEDURE VAN TOETSING

1. Proefpersone:

Die proefpersone wat in hierdie studie gebruik is, het bestaan uit 76 dames wat aan die Potchefstroomse Onderwyskollege gestudeer het. Agt-en-dertig was eerstejaars terwyl die res reeds tweedejaars was. Hierdie groep het almal op vrywillige basis saamgewerk. Almal was Afrikaanssprekend.

2. Toetsprosedure;

a. Algemeen:

Daar is gesorg dat 'n tydperk van drie maande verloop het tussen die toepassing van die eerste Sinsvoltooiingstoets in die gewone

34/....

situasie en die voltooiing van dieselfde toets in die outokinetiese situasie. Hierdie maatreël is getref om te verhoed dat die proefpersone response wat hulle tydens die eerste situasie gegee het, nog onthou het.

b. Rotter se Sinsvoltooiingstoets is die eerste toegepas (gewone situasie). Dit is gedoen op 'n tydstip toe al die proefpersone gelyktydig beskikbaar was.

c. Die Vraelys, bestaande uit die verskillende metingskale, is 'n week daarna aan hulle gegee om te voltooi, ook op 'n tydstip toe almal gelyktydig teenwoordig kon wees. Nadat hulle die aanwysings op die voorblad van die Vraelys deurgelees het, is hulle gevra om die antwoordvel te voltooi. Op elke antwoordvel is ruimte aangebring vir naam en ouderdom.

d. Die Rorschachtoets is toegepas in 'n groepsituasie. Daar is gebruik gemaak van 'n skyfieprojektor. Die kamer is donker gemaak, maar tog so dat die proefpersone maklik hulle response kon neerskryf. Die proefpersone is in twee groepe verdeel sodat hulle reg voor en redelik naby die doek kon sit. Die twee groepe is onmiddellik na mekaar getoets. Elke proefpersoon het 'n afgerolde antwoordvel ontvang. Op die antwoordvel is daar vir elke inkkolstimulus plek aangebring vir drie response, genommer van een tot drie.

35/....

Die volgende instruksies is gegee:
„Skryf julle name en ouderdomme in op die antwoordvel by die ruimtes wat daarvoor aangebring is. Julle moet nie met mekaar praat terwyl ons met die toets besig is nie. Julle response word slegs vir eksperimentele doeleindes gebruik en sal baie vertroulik behandel word. Dit sal julle op geen wyse benadeel nie. Ek gaan aan julle tien prente vertoon, in dieselfde volgorde soos dit op julle antwoordvelle aangedui word, naamlik vanaf skyfie no. 1 tot skyfie no. 10. Elke prent sal vir drie minute lank geprojekteer word. Terwyl die prent op die doek vertoon word, moet julle goed daarna kyk en dan neerskryf wat julle sien. Daar is plek vir antwoorde vir elke skyfie. Skryf by no. 1 wat julle eerste indruk is van wat julle sien, by no. 2, waaraan dit jou nog laat dink en by no. 3 wat jy nog verder kan uitmaak. Probeer om vir elke skyfie minstens drie response neer te skryf".

e. <u>Toepassing van Rotter se Sinvoltooiingstoets in die Outokinetiese situasie</u>.

i. <u>Apparaat</u>:

'n Houtkassie, hoogte 14", breedte 8½" en diepte 6" is vir hierdie doel gemaak. Die voorkant van die kassie, dit wil sê die kant wat na die proefpersoon wys, is met 'n glanslose swart verf geverf om enige moontlike weerkaatsing uit te skakel. In die middel van die voorste oppervlakte is 'n gat van

36/....

$\frac{3}{4}$" deursnee geboor. Aan die binnekant van die kassie is 'n rak aangebring waarop 'n drieselflits stewig vasgeheg is, sodat die gloeilamp van die flits presies in die middel van die $\frac{3}{4}$" gat is. Die kop van die flits is verwyder sodat die gloeilampie sonder bedekking is. 'n Rubberbuis wat aan die voorkant toe is, is oor die gloeilamp getrek sodat daar geen lig sigbaar is wanneer die flits aangeskakel word nie. Hierdie rubberbuis pas styf deur die gat aan die voorkant van die kas. Aan die voorpunt van die rubberbuis is 'n klein opening van 1/64" deursnee, geboor. Wanneer die flits aangeskakel word is daar dan slegs 'n klein ligspikkeltjie sigbaar.

Die flits is van elektriese drade voorsien wat deur middel van 'n drukskakelaar beheer kan word, terwyl die proefafnemer by 'n tafel sit wat ongeveer drie voet van die apparaat af wegstaan. Die batterye is na elke vyfde persoon vervang met nuwes om te verseker dat die ligsterkte vir alle proefpersone konstant bly.

Die apparaat is bo-op 'n tafel geplaas en so opgestel dat die liggie nie direk in die proefpersoon se oë skyn nie, maar omtrent twee voet bokant die proefpersoon se kop verby lig. Daar is in elke geval seker gemaak dat die proefpersoon die liggie duidelik kon waarneem voordat daar met die eksperiment begin is. 'n Stoel is teen 'n muur, vyftien voet van die apparaat af, geplaas. Elke proefpersoon is versoek om regop op die stoel te sit sodat die agterkant van die hoof teen die muur stut.

37/....


'n Donkerkamer is gebruik. 'n Waaier is gebruik om te verseker dat dit nie te warm in die vertrek sou word nie. Die waaier het 'n sagte gesuis veroorsaak, maar dit was geensins steurend nie.

Die proefpersoon is die donkerkamer ingebring en na die stoel geneem. Vir hierdie doel het die proefafnemer 'n penflits gebruik sodat die proefpersoon niks rondom haar kon waarneem nie, behalwe die stoel waarop plaasgeneem moes word. Die proefafnemer het dan met sy rug na die proefpersoon gekeer, by 'n tafel gaan sit. Die proefafnemer het verder gebruik gemaak van 'n flits waarvan die kop van rooi plastiek gemaak is. Die glas van die flits is bedek sodat daar geen lig kon deurskyn nie. As hierdie flits aangeskakel word, gee dit 'n dowwe lig af deur die plastiekomhulsel, maar tog helder genoeg vir die proefafnemer om te kan lees en skryf mits hy die flits stadig oor die papier skuif. Voorsorg is getref sodat die proefpersoon nie die geringste ligskynsel kon waarneem nie. 'n Skerm is vir die doel aangebring tussen die proefafnemer en die proefpersoon.


Die eksperimente is almal in die namiddag, na afloop van die klasse gedoen. Drie proefpersone is gevra om gelyktydig te kom. Hulle is ook versoek om leesstof saam te bring sodat hulle besig kon bly terwyl hulle hulle beurt afwag. Nadat die proefpersoon die donkerkamer ingebring is en op die stoel plaasgeneem het, het die proefafnemer by die tafel agter die skerm gaan plaasneem.

38/....

SKETS VAN APPARAAT GEBRUIK IN OUTOKLUWIGE SITUASIE



VOORAANSIG



39/....

ii. Instruksies en Metode:

Die volgende verduideliking en instruksies is gegee:

„Ons gaan 'n eksperiment uitvoer om te probeer vasstel of daar enige verband bestaan tussen persoonlikheid en waarnemingsvermoë. Jy moet egter belowe om nie die eksperiment met enige van die ander proefpersone te bespreek of jou opinie daarvan, teenoor hulle uit te spreek nie.

Ek wil hê jy moet heeltemal ontspanne en gemaklik sit. Laat jou kop teen die muur agter jou rus en kyk reguit voor jou uit. Op die oomblik is dit baie donker en kan jy niks sien nie. Sodra ek egter op 'n skakelaar druk sal jy 'n klein liggie voor jou sien". (Proefafnemer skakel die liggie aan). Proefafnemer vra aan proefpersoon of sy die liggie kan sien. Sodra die proefpersoon bevestigend antwoord, word die liggie dadelik afgeskakel.

„Sodra ons met die eksperiment begin dan gaan die liggie wat jy gesien het, sodra ek dit aanskakel, skryfbewegings in lopende skrif maak. Die liggie gaan sekere sinne voltooi. Ek sal die eerste woord of woorde van elke sin hardop sê sodat jy dit duidelik kan hoor en dan onmiddellik daarna die liggie aanskakel. Die liggie sal dan deur middel van skryfbewegings die sin voltooi. Ek wil hê jy moet kyk of jy kan lees wat die res van die sin is soos dit deur die liggie voltooi word. Sodra die

40/....

liggie die sin voltooi het, sal dit outomaties afskakel. Nadat die liggie verdwyn het moet jy dadelik sê wat jy gelees het. Moenie bang wees om te sê wat jy gelees het nie, selfs al is jy nie baie seker nie".

Voordat begin is met die werklike eksperiment, het die proefafnemer eers die volgende sinne aan die proefpersone gegee om te voltooi met behulp van die liggie. Hierdie sinne is slegs gegee ter „instelling" van die proefpersone. Die response op hierdie sinne is nie neergeskryf nie.

Soms wonder ek .....
Om „gekys" te wees .....
Klein babatjies .....
Soms bedink ek .....
Saterdae .....
Ek sal graag .....
Stout kinders .....
Onderwysers .....

Hierna is die sinne, soos dit op die Sinsvoltooiingstoets van Rotter voorkom, aan die proefpersone gelees, (hulle het nie geweet wanneer met die regte eksperiment begin is nie) byvoorbeeld:

Ek hou daarvan ..... (die liggie word dadelik aangeskakel en na 15 sekondes weer afgeskakel).

Die proefpersoon se respons word woordeliks neergeskryf. 'n Gewone antwoordvel soos die wat in die gewone situasie gebruik word,

41/....

is ook hier gebruik. Indien die proefpersoon gehuiwer het, is sy aangemoedig met die woorde: „Ja, wat het jy gelees?". As die proefpersoon versoek het dat sy weer na die sinnetjie mag kyk, dan is dieselfde prosedure herhaal. Daar is nooit aan n proefpersoon gesuggereer of gesê dat sy reg „gelees" het nie.

Die verskillende toetse is almal nagesien volgens die instruksies aangegee in die handleidings van die toetse, getabelleer en daarna is die resultate verwerk.

HOOFSTUK 3

VERWERKING EN BESPREKING VAN RESULTATE

A. INLEIDING EN HIPOTESE

Soos reeds voorheen vermeld, het verskeie onafhanklike navorsers, onder andere Voth, (1941), Rechtschaffen en Mednick, (1955), op grond van eksperimentele waarnemings tot die gevolgtrekking gekom dat daar van die outokinetiese fenomeen gebruik gemaak kan word as 'n projektiewe tegniek. Hierdie skrywers maak veral melding van die subjektiewe aard van die response wat hierdie tegniek tot gevolg het, sowel as die hoogs persoonlike aard van projeksie wat plaasvind.

In 'n poging om die vrae wat op bladsy 8 gestel is, te beantwoord, is die resultate wat verkry is gedurende die outokinetiese situasie, vergelyk met die resultate van:

i. Die Vraelys.

ii. Rotter se Sinsvoltooiingstoets in die gewone situasie.

iii. Die Rorschachtoets.

By die ondersoek na die geldigheid van 'n toets moet nagegaan word of dit werklik meet wat dit voorgee om te meet. Indien Rotter se Sinsvoltooiingstoets in die outokinetiese situasie wel as projektiewe tegniek funksioneer met betrekking tot die dieper-onbewustelike, dan kan die volgende resultate verwag word.

43/....

a. Rotter 2 (Rotter se Sinsvoltooiingstoets in die outokinetiese situasie) behoort hoër te korreleer met Rorschachtellings as wat Rotter 1 (Rotter se Sinsvoltooiingstoets in die gewone situasie) met Rorschachtellings sal korreleer.

b. Rotter 2 behoort laer te korreleer met die Vraelystellings as wat Rotter 1 met die Vraelystellings sal korreleer, omdat laasgenoemde twee tegnieke meer struktureel van aard is.

B. VERWERKINGE

Die resultate is getabelleer (Bylae A, B en C) en gemiddeldes, standaardafwykings, standaardfoute van die gemiddeldes, korrelasies en waar nodig t-waardes bereken.

1. Korrelasies:

a. Die korrelasie tussen die twee metodes van sinsvoltooiing naamlik Rotter 1 (gewone metode) en Rotter 2 (outokinetiese metode) is bereken met die doel om vas te stel of hierdie twee toetse wel dieselfde dinge meet wanneer verwante eienskappe se toetstellings met mekaar gekorreleer word.

b. Korrelasies tussen Rotter 2 en:

i. Vraelystellings.

ii. Rorschachtellings.

44/....

c. Korrelasies tussen Rotter 1 en:

i. Vraelystellings.

ii. Rorschachtellings.

d. Korrelasies tussen Rorschachtellings en Vraelystellings:

e. Korrelasies tussen die verskillende dele van elke toets:

2. Gemiddeldes, standaardafwykings en die standaardfout van die gemiddeldes:

3. t-Toetse:

In die outokinetiese situasie het sommige proefpersone blykbaar nie geprojekteer nie, ander wel. Om te bepaal of daar verskille in persoonlikheidsfunksionering is, wat dié terughoudendheid kan verklaar, is hierdie twee groepe met behulp van t-toetse met mekaar vergelyk ten opsigte van Sinsvoltooiingstellings (slegs Rotter 1 se tellings), Vraelystellings en Rorschachtellings.

C. DATA OMTRENT DIE KORRELASIES EN DIE BESPREKING DAARVAN

Die koëffisiënte van korrelasies tussen die verskillende toetse se tellings is met behulp van die volgende formule bereken:

$$r = \frac{\Sigma XY - \frac{(\Sigma X)(\Sigma Y)}{N}}{\sqrt{\left[\Sigma X^2 - \frac{(\Sigma X)^2}{N}\right]\left[\Sigma Y^2 - \frac{(\Sigma Y)^2}{N}\right]}}$$

45/....

TABEL 1

KORRELASIEKOëFFISIëNTE TUSSEN DIE VERSKILLENDE TOETSTELLINGS.

			VRAELYS							RORSCHACH			ROTTER 1			ROTTER 2		
		N	Afh.	Ang.	Dom.	Vyand.	O.V.	B.V.	L.S.A.	Afh.	Ang.	Vyand.	Afh.	Ang.	Vyand.	Afh.	Ang.	Vyand.
VRAELYS	Afh.	58 76			-.55 -.58				.91 .91	.27			.04 .18			.32 .29		
	Ang.	58 76									.13			.34 .31			.32 .23	
	Dom.	58 76	$-.55^{xxx}$ $-.58^{xxx}$						-.84 -.86	-.03			-.01 -.10			-.22 -.20		
	Vyand.	58 76					.52 .52	.68 .62				.05			.32 .27			.31 .28
	O.V.	58 76				$.52^{xxx}$ $.52^{xxx}$		.60 .64				.10			.29 .32			.49 .40
	B.V.	58 76				$.68^{xxx}$ $.62^{xxx}$	$.60^{xxx}$ $.64^{xxx}$					.04			.44 .44			.45 .34
	L.S.A.	58 76	$.91^{xxx}$ $.91^{xxx}$		$-.84^{xxx}$ $-.86^{xxx}$					.18			.06 .18			.45 .29		
RORSCHACH	Afh.	58	$.27^{x}$		-.03				.18		.03	.05				-.03		
	Ang.	58		.13						.03		.22		.06			.44	
	Vyand.	58				.05	.10	.04		.05	.22				-.02			.12
ROTTER 1	Afh.	58 76	.04 .18		-.01 -.10				.06 .18	.05				.05 .09	.01 -.04	.49 .53		
	Ang.	58 76		$.34^{x}$ $.31^{xx}$							.06		.05 .09		.31 .27		.29 .25	
	Vyand.	58 76				$.32^{x}$ $.27^{x}$	$.29^{x}$ $.32^{xx}$	$.44^{xxx}$ $.44^{xxx}$				-.02	.01 -.04	$.31^{x}$ $.27^{x}$				.30 .20
ROTTER 2	Afh.	58 76	$.32^{x}$ $.29^{x}$		-.22 -.20				$.45^{xxx}$ $.29^{xxx}$	-.03			$.49^{xxx}$ $.53^{xxx}$				.67 .68	.42 .46
	Ang.	58 76		$.32^{x}$ $.23^{x}$							$.44^{xxx}$			$.29^{x}$ $.25^{x}$		$.67^{xxx}$ $.68^{xxx}$		.73 .70
	Vyand.	58 76				$.31^{x}$ $.28^{x}$	$.49^{xxx}$ $.40^{xxx}$	$.45^{xxx}$ $.34^{xxx}$				.12			.30 .20	$.42^{xx}$ $.46^{xx}$	$.73^{xxx}$ $.70^{xxx}$	

x = beduidend by 5% GV = 56 r = .264
xx = beduidend by 1% GV = 56 r = .342
xxx = beduidend by .1% GV = 56 r = .433

x = beduidend by 5% GV = 74 r = .229
xx = beduidend by 1% GV = 74 r = .298
xxx = beduidend by .1% GV = 74 r = .375

Tabel 1 toon die korrelasiekoëffisiënte tussen die verskillende toetstellings en die grense waarby hulle betekenisvol is, aan. In die geval van tabel 1 verskyn daar twee korrelasiekoëffisiënte vir elke paar veranderlikes, naamlik N=58 en N=76.

Hierdie twee afsonderlike berekenings was nodig gewees, omdat slegs 58 proefpersone van die aanvanklike N=76 bereid was om die Rorschachtoets af te lê. In die bespreking wat volg sal daar dus vergelykenderwys na beide groepe verwys word. Al die korrelasies word op een tabel naamlik Tabel 1, bladsy 45 aangedui.

1. Korrelasies tussen Rotter 1 en Rotter 2.

a. Afhanklikheid:

Redelike hoë korrelasies van .49 en .53 is gevind ten opsigte van afhanklikheid soos gemeet deur dieselfde toets, maar op verskillende wyses toegepas. Albei korrelasies vir N=58 en N=76 is betekenisvol by die .1% grens. Aangesien die minimum geldigheidskoëffisiënt wat vir sielkundige toetse aanneemlik is, algemeen op .45 gestel word (Paterson, D.G. e.a. 1938), deur beide korrelasies oorskrei word, kan daar met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die tellings wat deur die twee tegnieke verkry is ten opsigte van afhanklikheid, 'n aanduiding is dat dieselfde eienskap gemeet is. Die korrelasies is egter te laag om te aanvaar dat hierdie twee tegnieke op dieselfde vlak van bewustheid funksioneer of daar moet aanvaar word dat die betroubaarheid van Rotter se toets baie laag is, of ten minste

47/....

in een van die twee toetssituasies baie laag is.

b. Angstigheid:

Korrelasies tussen die twee toetse ten opsigte van angstigheid is laag; .29 en .25 vir groepe N=58 en 76 respektiewelik. Statisties is beide hierdie korrelasies beduidend op die 5% vlak. Afgesien van die feit dat hierdie korrelasies nie die algemeen aanvaarde geldigheidsgrens bereik nie, is daar tog 'n betekenisvolle verwantskap aanwesig.

Dit is egter duidelik dat dié korrelasies laer is as dié wat gevind is ten opsigte van afhanklikheid en dat dit ook minder beduidend is. Dit wil dus voorkom asof daar faktore in hierdie veranderlike aanwesig is wat nie deur die twee tegnieke op dieselfde vlak gemeet word nie.

c. Vyandigheid:

Ten opsigte van vyandigheid is die korrelasiekoëffisiënte .30 en .20 respektiewelik. Slegs die koëffisiënt van .30 vir N=58 is betekenisvol by die 5% grens, terwyl die koëffisiënt van .20 vir N=76 betekenisloos is. Alhoewel die korrelasie van .30 beduidend is, word die waarde wat hieraan geheg kan word verminder deur die waardelose korrelasie van die groter groep.

Dit is dus onwaarskynlik dat die twee toetse dieselfde funksie ten opsigte van vyandigheid meet. Die lae korrelasies is eerder 'n

48/....

waarskynlike aanduiding dat Rotter 1 en Rotter 2 as gevolg van die uiteenlopende aard van die twee tegnieke groter geleentheid bied vir die verskillende vlakke van manifestasie van die vyandigheidstrek, en dat die twee toetse slegs in 'n uiters geringe mate op dieselfde gemeenskaplike faktor betrekking het.

Dit is ooglopend dat as al die korrelasiekoëffisiënte in oënskou geneem word, daar 'n dalende neiging voorkom met afhanklikheid verteenwoordigend van die hoogste korrelasies, terwyl die laagste korrelasies gevind is ten opsigte van vyandigheid, waarvan slegs een korrelasie beduidend is. Hierdie verskynsel is moontlik te wyte aan die persoonlikheidsfunksionering van die onderskeie proefpersone. Die afhanklike persoon is iemand wat nie selfversekerd is nie; wat maklik deur iemand anders beïnvloed kan word en dus waarskynlik ook meer vatbaar vir suggestie is. Gewoonlik vind die afhanklike persoon dit ook moeilik om van ander mense te verskil; hulle is afhanklik van ander se goedkeuring en gevolglik meer geneig tot samewerking.

Die vyandige persoon aan die anderkant, is iemand wat op verskeie wyses 'n vyandige houding kan openbaar onder andere deur te rebelleer teen enige gesag; skepties te staan teenoor suggestie; onwilligheid tot samewerking ens.

Die moontlikheid dat die outokinetiese situasie uiters geskik is om hierdie soorte van persoonlikheidsfunksionering te laat manifesteer, kan nie uitgesluit word nie. Die afhanklike

49/....

persoon se groter vatbaarheid vir suggestie, sy afhanklikheid van goedkeuring en gevolglike beter samewerking mag die oorsaak wees van die hoogsbeduidende korrelasies ten opsigte van afhanklikheid.

Aan die anderkant is dit baie maklik vir die vyandiggesinde persoon, wat skepties staan teenoor enige suggestie en nie geneig is tot samewerking nie, om eenvoudig te sê dat hy/sy geen beweging of skrif kan waarneem nie.

Bernard Lubin, Eugene E. Levitt en Marvin Zukkerman (1962), het dieselfde verskynsel gevind in hul ondersoek na persoonlikheidsverskille tussen reageerders en nie-reageerders op 'n vraelys. Die reageerders was beduidend hoog op die Afhanklikheidskaal terwyl nie-reageerders hoog op die Aggressieskaal was. 'n Ander waarskynlikheid vir die algemene korrelasie is dat Rotter 2 wel as projektiewe tegniek funksioneer en gevolglik meer op die subjektiewe betrekking het as Rotter 1.

2. Korrelasies tussen Rotter 2 en Vraelystellings.

a. Afhanklikheid:

Betreklike lae korrelasies is gevind tussen Rotter 2 en die Afhanklikheidskaal van Navran. Beide korrelasiekoëffisiënt van .32 en .29 is betekenisvol by die 5% grens. Alhoewel die beduidendheid nie hoog is nie, wil dit tog voorkom asof dit in 'n mate dieselfde basies eienskappe aandui. Die lae korrelasie maak dit egter

50/....

onmoontlik om te aanvaar dat hierdie twee toetse op dieselfde vlak betrekking het. Die resultate skyn eerder 'n weerspieëling te wees van verskillende vlakke van bewuste beheer. Indien Rotter 2 subjektief funksioneer en gevolglik meer projektief van aard is, is dit moontlik dat hierdie twee toetse wel verskillende aspekte van dieselfde veranderlike meet.

Die hoër korrelasie en baie hoër graad van beduidenheid wat gevind is tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van afhanklikheid, skyn bogenoemde afleiding te steun. Rotter se Sinsvoltooiingstoets as projektiewe tegniek (Renner, K.E., Maher, B.A. en Cambell D.T. 1962), is 'n redelike ongestrukturecrde toets en is gevolglik nie so objektief soos die Vraelys nie. 'n Gemeenskaplike faktor wat by Rotter 1 en Rotter 2 funksioneer en vir die hoër korrelasie verantwoordelik is, skyn nie aanwesig te wees tussen die tellings van Rotter 2 en die vraelystellings ten opsigte van afhanklikheid nie.

b. <u>Rotter 2 (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie)</u>

Negatiewe en betekenislose korrelasiekoffisiënte van -.22 en -.20 is gevind tussen afhanklikheid soos gemeet deur Rotter 2 en die tellings op die Dominansieskaal. Omdat hierdie twee persoonlikheidseienskappe regstreeks teenoor mekaar staan, kan negatiewe korrelasies verwag word. Indien albei egter op dieselfde vlak gemeet het, en werklike teenstellende eienskappe sou weergee, behoort hierdie korrelasies hoër te gewees het.

51/....

c. Rotter 2 (Afhanklikheid) en Ullman se "Lack of Self Assertion"

Ten opsigte van afhanklikheid korreleer Rotter 2 redelik hoog met Ullman se "Lack of self assertion" (Gough se dominansie en Navran se afhanklikheid), nl. .45 en .29; beduidend by die .1% en die 1% grense onderskeidelik. Die resultate skyn daarop te dui dat „gebrek aan self-handhawing of selfgelding" dieselfde eienskappe besit as dié wat in afhanklikheid funksioneer en daar dus 'n hoë verwantskap aangedui word tussen die twee trekke.

Hoewel afhanklikheid en dominansie as teenoorgestelde eienskappe gesien word, en hoewel die korrelasies tussen Rotter 2 en afhanklikheid (Navran) .29 en by dominansie (Gough) -.20 en by "lack of self assertion" .29 is, d.w.s. ongeveer dieselfde bly by die groep N=76, is die twee saam d.w.s. afhanklikheid en afwesigheid van dominansie ("lack of self assertion"), 'n beter aanduiding van dié eienskap van afhanklikheid soos gemeet by die kleiner groep N=58 met Rotter 2. Die korrelasies was onderskeidelik: Rotter 2 en afhanklikheid van Navran .32, Rotter 2 en dominansie (Gough) -.22 en waar Navran en Gough gekombineer is .45. Al mag afhanklikheid en dominansie teengestelde eienskappe wees, skyn dit asof die afwesigheid van dominansie en afhanklikheid nie presies ooreen val nie.

Die korrelasies soos gevind tussen Rotter 2 en Ullman se L.S.A., sowel as die beduidendheid daarvan, is egter laer as dié wat gevind is tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van

52/....

afhanklikheid, veral in die geval van die groter groep. Wanneer die standaardfout van die korrelasiekoëffisiënt van Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van afhanklikheid vir N=58, in berekening gebring word, naamlik .38 tot .59, kan daar geen beduidende verskille tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van afhanklikheid enersyds en Rotter 2 (afhanklikheid) en Ullman se "lack of self assertion" andersyds verwag word nie. Slegs by die groter groep is daar moontlik 'n beduidende verskil. Die resultate skyn egter daarop te dui dat Rotter 2 'n gemeenskaplike faktor meet wat ook deur Ullman se L.S.A. en Rotter 1 se skaal vir afhanklikheid, gemeet word.

d. Rotter 2 (Angstigheid) en Vraelys (Angstigheid).

Die korrelasies tussen Rotter 2 en die vraelystellings ten opsigte van angstigheid is betreklik laag naamlik .32 en .23. Beide korrelasiekoëffisiënte is beduidend by die 5% grens. Hierdie resultate toon 'n ooreenkoms met die resultate wat gevind is tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van angstigheid. Wanneer die standaardfout van r in berekening gebring word, naamlik .16 tot .40 vir die kleiner groep en .13 tot .35 vir die groter groep, is dit duidelik dat daar geen beduidende verskille verwag kan word nie. Dit lyk asof dieselfde faktor wat blykbaar eie is aan Rotter 2 en verantwoordelik is vir die lae mate van verwantskap tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van angstigheid ook verantwoordelik is vir die lae mate van verwantskap tussen Rotter 2 en die vraelystellings.

53/....

e. Rotter 2 (Vyandigheid) en Vraelys (Siegel se "Manifest Hostility").

Dieselfde verskynsel is waarneembaar ten opsigte van die korrelasies tussen vyandigheid soos gemeet deur Rotter 2 en die Vyandigheidskaal van Siegel. Ook in hierdie geval is die korrelasies laag naamlik .31 en .28. Beide hierdie koëffisiënte is beduidend op die 5% vlak. Die korrelasies tussen Rotter 1 en Rotter 2 is ook laag ten opsigte van vyandigheid en wanneer die standaardfout van die korrelasiekoëffisiënte van Rotter 1 en Rotter 2 in berekening gebring word naamlik .17 tot .42 vir N=58 en .08 tot .31 vir N=76, dan is daar geen beduidende verskille te wagte nie.

Daar is deurgaans 'n groot mate van konstantheid te bespeur tussen die korrelasiekoëffisiënte en beduidendhede van Rotter 2 en die vraelystellings ten opsigte van afhanklikheid, angstigheid en vyandigheid. Indien daar aanvaar word dat die Vraelysskale betroubaar en geldig is, wil dit gevolglik voorkom asof Rotter 2 nie oor die vermoë beskik om tussen bogenoemde drie eienskappe, soos dit deur die Vraelysskale gemeet word, te onderskei nie, of dat hierdie drie persoonlikheidseienskappe, tydens die outokinetiese situasie mekaar so oorvleuel dat onderskeid moeilik bepaalbaar is.

'n Ander moontlike verklaring is dat Rotter 2 op 'n ander vlak meet as die Vraelysskale. Indien Rotter 2 wel meer op die onbewustelike betrekking het, dan is die lae mate van verwantskap moontlik daaraan te wyte. Dit skyn in elk geval asof

54/....

dieselfde onbekende faktore vir hierdie konstante lae korrelasies verantwoordelik gehou kan word.

f. Rotter 2 (Vyandigheid) en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal.

Rotter 2 korreleer redelik hoog met beide die tellings op die Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal. Al vier die korrelasiekoëffisiënte van .49, .40, .45, en .34 is beduidend op die .1% vlak.

Dit is miskien weer eens wenslik om kortliks daarna te verwys dat Bendig, deur middel van faktoranalise van die "Buss-Durkee Hostility Inventory" twee uiteenlopende faktore wat deur die vyandigheidssubskale gemeet word, gevind het. Die "assault and verbal hostility" subskale is meer beduidend van een faktor wat as gevolg van die klaarblyklike „na buite gerigte" vyandigheidsinhoud van die items, deur Bendig, as openlike vyandigheid bestempel word.

Die subskale wat die meer subtiele en bedekte eienskappe soos indirekte vyandigheid, irriteerbaarheid en negatiwisme meet, kan eerder met paranoïdiese trekke soos afkeur en suspisie of agterdog vergelyk word. Die items wat 'n hoë lading toon van laasgenoemde is uitgesonder en maak tans die Bedekte Vyandigheidskaal uit.

Dit is interessant om op te merk dat Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van vyandigheid 'n lae korrelasie van .30 en .20 onderskeidelik toon, en dat slegs .30 beduidend is by die 5% grens. Dieselfde verskynsel is ook opmerklik tussen Rotter 2 en die Vyandigheidskaal van Siegel,

55/....

naamlik lae korrelasies van .31 en .28, beide ook beduidend by die 5% grens. Die hoër betekenisvolle korrelasies tussen Rotter 2 (vyandigheid) en die Openlike en Bedekte Vyandigheidskale skyn daarop te dui dat daar 'n hoër verwantskap tussen die vyandigheidseienskappe, soos dit gemeet word deur Rotter 2 en die Openlike en Bedekte Vyandigheidskale is, as wat die verwantskap tussen Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van vyandigheid, sowel as tussen Rotter 2 en Siegel se Vyandigheidskaal is. Alhoewel slegs twee van die vier korrelasiekoëffisiënte die geldigheidsgrens oorskry, is dit tog aanvaarbaar dat hierdie twee toetse in 'n mate dieselfde eienskap meet. 'n Mens sou egter verwag dat, aangesien die Bedekte Vyandigheidskaal meer betrekking op die subtiele het, Rotter 2 hoër daármee sou gekorreleer het as met die Openlike Vyandigheidskaal. Die teendeel is egter waar.

Dit wil ook in hierdie geval voorkom asof Rotter 2 nie oor die vermoë beskik om duidelik te onderskei tussen dié twee eienskappe nie, of andersins dat hierdie verskynsel aan dieselfde onbekende faktore (vergelyk bespreking op bladsy 53) toegeskryf moet word.

3. Korrelasies tussen Rotter 2 en Rorschachtellings

a. Afhanklikheid

Die korrelasie tussen Rotter 2 en Rorschach ten opsigte van afhanklikheid is teleurstellend laag. Die verwagting wat gekoester is dat hierdie twee toetse beduidend hoog behoort te korreleer

56/....

wanneer dieselfde eienskappe gemeet word, word nie deur dié resultaat gesteun nie. 'n Negatiewe lae korrelasie van -.03 is gevind wat betekenisloos is. Die teenoorgestelde tendens naamlik hoër statistiesbeduidende korrelasies tussen Rotter 2 en 1, ten opsigte van afhanklikheid, sowel as relatiewe lae maar beduidende korrelasies tussen Rotter 2 en die vraelystelling ten opsigte van afhanklikheid skyn daarop te dui dat Rotter 2 nie so subjektief meet as wat verwag is nie, en dat Rotter 2 se vermoë as projektiewe tegniek, in vergelyking met die Rorschach, ten opsigte van afhanklikheid sterk betwyfel moet word.

b. Angstigheid

Ten opsigte van angstigheid is daar 'n redelike hoë korrelasie van .44 wat betekenisvol is by die .1% grens. Hierdie resultaat is hoër as die korrelasies wat gevind is tussen Rotter 2 en 1 ten opsigte van angstigheid, sowel as dié wat gevind is tussen Rotter 2 en die vraelystelling ten opsigte van angstigheid.

Alhoewel hierdie resultaat in 'n sekere mate die vooropgestelde verwagting steun, sou 'n mens kon verwag het, dat indien Rotter 2 op dieselfde vlak as die Rorschach, as projektiewe tegniek funksioneer, daar 'n hoër korrelasie tussen die twee eienskappe moes gewees het. Dit lyk egter asof Rotter 2 en die Rorschach ten opsigte van angstigheid 'n gemeenskaplike verwantskap meet wat nie deur Rotter 1 en die vraelystelling aangedui word nie.

57/....

c. Vyandigheid

Ten opsigte van vyandigheid is die korrelasie tussen Rotter 2 en die Rorschachtellings ook laag naamlik .12, wat betekenisloos is. Die korrelasiekoëffisiënte tussen Rotter 2 en 1 ten opsigte van vyandigheid, sowel as dié tussen Rotter 2 en die vyandigheidstellings op die Vraelys, wat onderskeidelik .30 en .31 vir N=58 is, is ook laag maar tog hoër as die tussen Rotter 2 en die Rorschach. Dié resultate skyn die gevolgtrekking waartoe vroeër geraak is, te steun nl. dat Rotter 2 nie op dieselfde vlak as die Rorschach meet nie. Indien Rotter 2 wel op 'n laer vlak van die bewussyn sou meet, dan meet Rotter 2 en die Rorschach nie dieselfde aspekte ten opsigte van vyandigheid nie. Dit wil egter voorkom asof Rotter 2 meer op dieselfde vlak as Rotter 1 en die Vraelys funksioneer ten opsigte van vyandigheid.

4. Korrelasies tussen Rotter 1 en Vraelystellings.

a. Afhanklikheid

Korrelasies tussen Rotter 1 en die vraelystellings ten opsigte van afhanklikheid is laag, naamlik .04 en .18 vir N=58 en 76 onderskeidelik, wat nie beduidend is nie. Dit wil dus voorkom asof dié twee toetse nie op dieselfde vlak meet nie en gevolglik verskillende aspekte van afhanklikheid meet. Die moontlike rede hiervoor is dat Rotter 1 'n projektiewe tegniek is. Die Sinsvoltooiingstoets bied geleentheid vir die vrylike uiting van gedagtes, terwyl die Vraelys 'n gedwongekeusetegniek is en gevolglik geen geleentheid bied

58/....

vir die uiting van die meer subtiele nie. Bogenoemde resultate onderskraag nie die vooropgestelde verwagting nie, aangesien Rotter 2 hoër korreleer met die Vraelystelling, naamlik .32 en .29, wat beduidend is by die 5% grens, teenoor die lae en waardelose korrelasies van Rotter 1 met die vraelystelling ten opsigte van afhanklikheid. Die hoë korrelasies van .49 en .54, beide betekenisvol by die .1% grens, wat gevind is tussen Rotter 1 en 2 ten opsigte van afhanklikheid, is in hierdie geval insiggewend. Dit wil volgens die resultate voorkom asof Rotter 2 faktore aandui, waarop Rotter 1 ook betrekking het (sien bespreking op bladsy 50), maar dat Rotter 2 ook oor die vermoë beskik om in 'n groter mate as Rotter 1 ook objektief d.w.s. meer op die bewustelike vlak te meet.

Die moontlikheid bestaan blykbaar ook dat afhanklikheid so subtiel manifesteer dat dit beter deur 'n projektiewe tegniek aangedui word, vandaar dan die hoër korrelasies tussen Rotter 1 en Rotter 2 (wat moontlik as projektiewe tegniek funksioneer), ten opsigte van afhanklikheid. Indien daar egter weer na die lae en negatiewe korrelasie tussen Rotter 2 en die Rorschachtelling ten opsigte van afhanklikheid gekyk word (sien bespreking op bladsy 55) dan word die gedagte, dat Rotter 2 meer op die bewuste vlak as die Rorschach meet, verder versterk.

b. <u>Rotter 1 (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie)</u>

Die korrelasie tussen Rotter 1 (afhanklikheid) en die tellings op die Dominansieskaal is negatief, laag en betekenisloos, naamlik -.01 en -.10 vir groepe N=58 en 76 respektiewelik. Dié resultate

is dieselfde as die wat gevind is tussen Rotter 2 (afhanklikheid) en die tellings op die Dominansie-skaal. Ook hier moet aanvaar word dat, hoewel skynbaar teenstellende eienskappe, dit tog nie op dieselfde lyn lê nie, of dat Rotter se Sinsvoltooiingstoets en die Vraelys (Gough) nie dieselfde aspekte meet nie. Die gebrek aan verwantskap is so groot dat n mens eerder geneig voel om die eerste te aanvaar indien nie beide nie.

c. Rotter 1 (Afhanklikheid) en Ullman se "Lack of Self Assertion".

Die korrelasiekoëffisiënte tussen Rotter 1 (afhanklikheid) en Ullman se L.S.A. is .06 en .18. Moontlik is die objektiewe aard van Ullman se L.S.A. teenoor die subjektiewe aard van Rotter 1 vir die lae en betekenislose korrelasies verantwoordelik.

Indien daar weer gekyk word na die bespreking op bladsy 51, kan daar gesien word dat dieselfde bespreking oor die algemeen ook in hierdie geval van toepassing is, behalwe in die geval van Ullman se L.S.A. vir N=58. Wanneer n mens egter die korrelasiekoëffisiënte tussen Rotter 2 en die vraelystellings ten opsigte van afhanklikheid, dominansie en Ullman se L.S.A. vergelyk met dié tussen Rotter 1 en bogenoemde vraelystellings, dan is dit opmerklik dat laasgenoemde korrelasies baie laag en betekenisloos is naamlik: afhanklikheid, .04, .18; dominansie, -.01, -.10; L.S.A., .06 en .18, vir N=58 en 76 respektiewelik, terwyl eersgenoemde korrelasies heelwat hoër is en die gevalle van afhanklikheid en L.S.A. ook beduidend is naamlik, afhanklikheid, .32, .29; dominansie, -.22, -.20; L.S.A., .45 en .29 vir N=58 en 76 respektiewelik.

60/....

Die lae en betekenislose korrelasies tussen Rotter 1 en genoemde vraelystellings skyn daarop te dui dat Rotter 1 nie op dieselfde vlak meet, of op dieselfde aspekte van dié eienskappe betrekking het as die Vraelysskale nie.

Die hoër korrelasies tussen Rotter 2 en bogenoemde persoonlikheidseienskappe skyn daarop te dui dat Rotter 2 meer op 'n bewuste vlak meet en in 'n mate moontlik ook groter betrekking het op dieselfde aspekte as dié waarop die Vraelysskale betrekking het, hoewel in gedagte gehou moet word, dat die items van Rotter 1 en Rotter 2 dieselfde is.

Laasgenoemde se korrelasies is egter te laag om sonder meer te aanvaar dat Rotter 2 in dieselfde kategorie van bewustelike meting val as die Vraelysskale. Oor die algemeen is hierdie resultate teen die verwagting in.

d. <u>Angstigheid</u>

Korrelasiekoëffisiënte van .34 en .31 is gevind tussen die tellings van Rotter 1 en die Vraelys ten opsigte van angstigheid. Eersgenoemde koëffisiënt is beduidend by die 5% en laasgenoemde by die 1% grens. Hierdie resultate is grootliks in ooreenstemming met die wat gevind is tussen Rotter 2 en die Vraelys ten opsigte van angstigheid, naamlik .32 en .23.

Volgens hierdie resultate is dit duidelik dat Rotter 1 en Rotter 2 op dieselfde faktor in die Vraelys betrekking het en dat daar geen noemenswaardige verskil tussen die meting van hierdie twee toetse ten opsigte van angstigheid, soos weergegee deur die Vraelys, is nie.

61/....

Wanneer die korrelasiekoëffisiënte van Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van angstigheid, naamlik .29 en .25, wat beide op die 5% vlak beduidend is, met bostaande resultate vergelyk word, dan gee dit egter aanleiding tot 'n vermoede dat, hoewel Rotter 1 en 2 skynbaar in dieselfde mate angstigheid in vergelyking met die Vraelys meet, dit waarskynlik verskillende aspekte daarvan meet, want Rotter 1 en Rotter 2 korreleer betreklik laag ten opsigte van angstigheid. (Sien bladsy 53).

e. Vyandigheid

Ten opsigte van vyandigheid is die korrelasies tussen Rotter 1 en die vraelystellings .32 en .27 vir die onderskeie groepe. Slegs .32 vir N=58 is beduidend by die 5% grens.

Hierdie resultate is ook in ooreenstemming met dié wat gevind is tussen Rotter 2 en die vraelystelling ten opsigte van vyandigheid, naamlik .31 en .28.

Volgens hierdie resultate is dit duidelik dat, net soos in die geval van angstigheid, daar geen noemenswaardige verskil tussen die meting van hierdie twee skale ten opsigte van vyandigheid, soos weergegee deur die Vraelys, is nie.

Wanneer die korrelasiekoëffisiënte van Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van vyandigheid, naamlik .30 en .20, waarvan slegs die eerste beduidend is, hiermee vergelyk word, gee dit weer aanleiding tot die vermoede dat Rotter 2 en Rotter 1 waarskynlik in 'n mate verskillende aspekte van vyandigheid meet.

62/....

f. Rotter 1 (Vyandigheid) en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal

Rotter 1 (vyandigheid) korreleer laag en betekenisloos met openlike vyandigheid naamlik .29 en .32. Hierdie resultate skyn daarop te dui dat dié twee toetse op uiteenlopende faktore betrekking het. Dit is moontlik dat Rotter 1, as projektiewe tegniek meer geneig sal wees om die subjektiewe eienskappe van vyandigheid aan te dui, terwyl die Openlike Vyandigheidskaal meer die objektiewe, na buite gerigte faktore, sal uitlig. Bogenoemde afleiding skyn gestaaf te word deur die betekenisvolle korrelasies van .44 en .44, beduidend by die .1% grens, wat gevind is tussen Rotter 1 (vyandigheid) en bedekte vyandigheid.

Wanneer hierdie korrelasies vergelyk word met dié tussen Rotter 2 (vyandigheid) en openlike en bedekte vyandigheid, is dit opmerklik dat Rotter 2, hoër en meer betekenisvol korreleer met openlike vyandigheid naamlik .49 en .40, teenoor die laer korrelasies wat gevind is tussen Rotter 1 (vyandigheid) en openlike vyandigheid. Rotter 2 (vyandigheid) korreleer net so hoog en net so beduidend, naamlik .45 en .34 met bedekte vyandigheid, as wat Rotter 1 (vyandigheid) met bedekte vyandigheid korreleer, naamlik .44 en .44.

Volgens die resultate wil dit lyk asof Rotter 1 en 2 ten opsigte van bedekte vyandigheid in 'n redelike mate op dieselfde aspekte van dié eienskap betrekking het, alhoewel die resultaat van N=76 die vermoede laat ontstaan dat Rotter 1 op 'n aspek betrekking het wat nie deur Rotter 2 aangedui word nie. Die korrelasies tussen Rotter 2 en openlike en bedekte vyandigheid skep egter ook die indruk dat Rotter 2

63/....

nie oor die vermoë beskik, om soos Rotter 1, duidelik te onderskei tussen dié twee eienskappe nie. Dit skyn weer asof Rotter 2 effens tot die bewustelike vlak neig.

5. Korrelasies tussen Rotter 1 en Rorschachtellings.

a. Afhanklikheid:

Die korrelasie tussen Rotter 1 en die Rorschach ten opsigte van afhanklikheid is laag en betekenisloos, naamlik .05. In vergelyking hiermee korreleer Rotter 2 (afhanklikheid) net so laag met die Rorschach (afhanklikheid) naamlik -.03. In teenstelling hiermee korreleer Rotter 1 en 2 ten opsigte van afhanklikheid hoër en beduidend naamlik .49 vir N=58.

Die vooropgestelde verwagting dat Rotter 2 hoër behoort te korreleer met die Rorschach ten opsigte van afhanklikheid is nie bewaarheid nie. Die teenoorgestelde is hier duidelik, naamlik dat Rotter 2 groter verwantskap toon met Rotter 1 sowel as met die vraelystellings, met 'n korrelasie van .32 vir N=58, as met Rorschach.

b. Angstigheid:

Die korrelasie tussen Rotter 1 en die Rorschach ten opsigte van angstigheid is .06 wat nie beduidend is nie. In vergelyking hiermee korreleer Rotter 2 hoër met die Rorschachtellings ten opsigte van angstigheid, naamlik .44. In hierdie geval is die vooropgestelde verwagting bewaarheid. Resultate ten opsigte van angstigheid by Rotter 1 en 2, sowel as by Rotter 2 en die vraelystelling, is almal laer en

64/....

minder beduidend as die tussen Rotter 2 en die Rorschachtellings ten opsigte van angstigheid. Dit wil gevolglig voorkom asof Rotter 2 en Rorschach meer op 'n gemeenskaplike vlak as Rotter 1 en Rorschach, ten opsigte van angstigheid meet.

c. Vyandigheid:

'n Negatiewe lae korrelasie van -.02 is gevind tussen die tellings van hierdie twee toetse ten opsigte van vyandigheid. Hierdie korrelasie is betekenisloos met die gevolglike afleiding dat die twee skale nie op dieselfde aspekte van die eienskap betrekking het nie.

Die korrelasie tussen Rotter 2 en die Rorschach is effens hoër, maar ook onbeduidend naamlik .12. In teenstelling met bogenoemde korreleer Rotter 1 beduidend hoog met Rotter 2 ten opsigte van vyandigheid, terwyl Rotter 2 ook beduidend korreleer met die vraelystelling ten opsigte van vyandigheid.

Behalwe in die geval van angstigheid, is die mate van verwantskap wat verkry is tussen Rotter 2 en die Rorschachtellings teen die verwagting in. Volgens die resultate is dit weer eens duidelik dat Rotter 2 meer op dieselfde vlak as die van Rotter 1 en die Vraelystellings funksioneer.

6. Korrelasies tussen Rorschach en Vraelystellings.

a. Afhanklikheid:

Die korrelasie tussen Rorschach en die vraelystelling ten opsigte van afhanklikheid is laag, .27, maar beduidend by die 5% grens.

65/....

In vergelyking hiermee is die korrelasies wat gevind is tussen Rotter 1 en die vraelystellings baie laag naamlik .04, en dié tussen Rotter 2 en die vraelystellings .32 vir N=58. Dit wil gevolglik voorkom asof Rotter 2 en die Rorschach in 'n sekere mate op 'n gemeenskaplike faktor betrekking het wat nie deur Rotter 1 aangedui word nie. Die korrelasie is egter te laag om te aanvaar dat Rotter 2 en die Rorschach op dieselfde vlak van bewussyn meet, of op dieselfde aspekte van dié eienskap betrekking het.

Hierdie gevolgtrekking word verder gestaaf wanneer daar weer gelet word op die korrelasies wat gevind is tussen Rotter 2 en die Rorschach ten opsigte van afhanklikheid. In die geval is 'n negatiewe en lae korrelasie van -.03 gevind, wat daarop dui dat die twee toetse nie op dieselfde aspekte betrekking het nie.

Tussen Rotter 1 en Rotter 2 is die korrelasie ten opsigte van afhanklikheid redelik hoog naamlik .49. Dit is gevolglik duidelik dat Rotter 2 en Rotter 1 in werklikheid 'n baie hoër mate van verwantskap toon, maar dit is ook duidelik dat Rotter 2 blykbaar meer op die bewustelike vlak funksioneer as selfs Rotter 1.

'n Moontlike verklaring vir hierdie uiteenlopende korrelasies is dat, aangesien daar reeds vermoed is dat, (sien bladsy 53) Rotter 2 nie onderskei tussen afhanklikheid, angstigheid en vyandigheid nie, al drie hierdie eienskappe tydens die outokinetiese situasie gelyktydig funksioneer en gevolglik vir die lae korrelasies verantwoordelik is.

66/....

b. Rorschach (Afhanklikheid) en Vraelys (Dominansie).

'n Lae negatiewe korrelasie van -.03, wat betekenisloos is, is hier gevind. Rotter 1 en 2 toon dieselfde negatiewe lae verwantskap met die Dominansieskaal.

c. Rorschach (Afhanklikheid) en Ullman se L.S.A.

Die korrelasie tussen bogenoemde is baie laag naamlik .18. Tussen Rotter 1 en Ullman se L.S.A. is dit nog laer naamlik .06, terwyl die korrelasie tussen Rotter 2 en Ullman se L.S.A., hoër is, naamlik .45, wat beduidend is by die .1% grens.

Indien daar aanvaar word dat "lack of self assertion" en afhanklikheid in 'n mate op dieselfde lyn lê, dan is dit duidelik dat Rorschach sowel as Rotter 1, nie op dié gemeenskaplike faktore wat in hierdie twee eienskappe aanwesig is, betrekking het nie, of andersins nie op dieselfde vlak van bewustheid meet as Ullman se L.S.A. nie, terwyl Rotter 2 waarskynlik wel in 'n redelike mate op dieselfde aspekte van die twee eienskappe betrekking het, of andersins op 'n meer bewustelike vlak as Rotter 1 en Rorschach funksioneer.

Dit is opmerklik dat Rotter 1 (afhanklikheid) ten opsigte van Ullman se L.S.A. en die vraelys van Navran 'n byna identiese korrelasie van .06 en .04 onderskeidelik toon. Dit is dus duidelik dat Rotter 1 (afh.) geen onderskeid aantoon tussen L.S.A. en Navran se Afhanklikheidskaal nie.

Rotter 2 (afhanklikheid) se korrelasies met L.S.A. en Navran se Afhanklikheidskaal is hoër, maar ook byna dieselfde naamlik .45 en .32. Hier word

67/....

ook geen duidelike onderskeid aangedui nie, maar die hoër korrelasies dui op 'n meer bewustelike vlak van meting. Dit is duidelik dat hier 'n faktor aanwesig is wat vir die konstantheid in verskil verantwoordelik is.

d. Angstigheid.

'n Lae korrelasie van .13 is gevind tussen die Rorschach en die vraelystellings ten opsigte van angstigheid. In teenstelling hiermee korreleer Rotter 1 sowel as Rotter 2 met 'n beduidendheid by die 5% grens met die Angstigheidskaal. Dit blyk dus dat Rotter 1 en Rotter 2 'n gemeenskaplike faktor aandui wat nie deur Rorschach aangedui word nie, en dat hierdie faktor meer op die bewustelike vlak funksioneer. Dit is egter opmerklik dat Rotter 1 en die Rorschach, ten opsigte van angstigheid, geen verwantskap aantoon nie, terwyl die Rorschach en Rotter 2 beduidend op die .1% vlak ten opsigte van die angstigheid korreleer.

Volgens die resultate wil dit voorkom asof Rotter 2 in 'n sekere mate oor die vermoë beskik om ten opsigte van sekere aspekte van die angstigheidstrek, subjektief sowel as objektief te meet of altans ander aspekte van die persoonlikheidsfaktore betrek word in die een of ander mate.

e. Vyandigheid.

'n Lae korrelasie van .05 is gevind tussen die Rorschach en die Vraelystellings ten opsigte van vyandigheid, wat aandui dat hierdie twee toetse nie op dieselfde vlak meet nie. Die korrelasies van Rotter 1 (-.02) en Rotter 2 (.12) met Rorschach is

68/....

ook onbeduidend laag, en kan nie aanvaar word dat hierdie twee toetse op dieselfde vlak van bewustheid meet of op dieselfde aspekte betrekking het nie.

Rotter 1 en Rotter 2 korreleer hoër met die vraelystellings ten opsigte van vyandigheid, naamlik .32 en .31 vir N=58 onderskeidelik. Dit wil gevolglik voorkom asof Rotter 1 en Rotter 2 ten opsigte van vyandigheid, eerder as Rorschach, op die vlak van die Vraelys meet.

f. Rorschach (Vyandigheid) en Bendig se Openlike en Bedekte Vyandigheidskaal.

Die korrelasies tussen bogenoemde is baie laag, naamlik .10 en .04 wat in beide gevalle betekenisloos is. Dieselfde verskynsel is gevind tussen Rorschach (vyandigheid) en die vyandigheidskaal van Siegel, naamlik .05. Dit is duidelik dat al die vyandigheidskale konstante lae korrelasies met Rorschach toon, wat daarop dui dat Rorschach nie op dieselfde vlak meet nie, of op dieselfde eienskappe betrekking het nie. Hierdie resultate is nie buite verwagting nie, maar in 'n sekere mate is daar 'n hoër korrelasie tussen Rorschach (vyandigheid) en B.V. verwag.

In teenstelling met bogenoemde korreleer Rotter 1 hoër met O.V., B.V. en die skaal van Siegel, naamlik .29, .44 en .32 onderskeidelik. Dié resultate dui daarop dat Rotter 1 meer op die vlak van die Vraelys meet as in die geval van die Rorschach. Die korrelasies is egter te laag om te aanvaar dat Rotter 1 en die vraelystellings op dieselfde vlak van bewustheid meet. Die hoër korrelasie ten opsigte van B.V. is in ooreenstemming met wat verwag kan word.

69/....

Die korrelasies tussen Rotter 2 (vyandigheid) en O.V., B.V. en Siegel se skaal, vergelyk in n mate gunstig met dié tussen Rotter 1 en genoemde skale naamlik, .49, .45 en .31 onderskeidelik. Dit is opmerklik dat Rotter 2 nie die onderskeidende vermoë van Rotter 1 openbaar ten opsigte van O.V. en B.V. nie, wat daarop dui dat Rotter 2 ten opsigte van dié eienskap meer op die vlak van die Vraelys meet. Die hoër korrelasie wat Rotter 2 (vyandigheid) ten opsigte van O.V., naamlik .49 toon, teenoor die laer korrelasie van .45 ten opsigte van B.V., is teen die verwagting in.

Oor die algemeen kan weer eens afgelei word dat Rotter 2 en die Rorschach ten opsigte van vyandigheid nie op dieselfde vlak van bewustheid funksioneer, of op dieselfde eienskappe betrekking het nie, maar eerder op die vlak van Rotter 1, en selfs in n groter mate op die vlak van die Vraelyste meet.

7. Bespreking van Korrelasies tussen die verskillende dele van elke toets.

Ten einde te bepaal of tellings binne elke groep toetse wel onafhanklike, of moontlik slegs tellings vir dieselfde eienskap is, is interkorrelasies bereken.

a. Rotter 1 (Afhanklikheid en Angstigheid):

Die baie lae en onbeduidende korrelasies van .05 en .09 is gevind vir N=58 en 76 onderskeidelik. Dit is dus duidelik dat Rotter 1 baie duidelik tussen hierdie twee eienskappe onderskei.

70/....

b. Rotter 1 (Afhanklikheid en Vyandigheid).

Die baie lae en betekenislose korrelasies van .01 en -.04 vir die onderskeie groepe dui op geen verwantskap tussen die twee eienskappe nie. Ook in hierdie geval onderskei Rotter 1 wel deeglik.

c. Rotter 1 (Angstigheid en Vyandigheid).

Tussen angstigheid en vyandigheid is daar beduidende korrelasies op die 5% vlak gevind, naamlik .31 en .27 vir die onderskeie groepe. Indien die kwadrate van die korrelasiekoëffisiënte (uitgedruk as persentasie) geneem word as 'n aanduiding van die gemeenskaplike faktor of mate van oorvleueling wat deur die twee toetse aangedui word (Cronbach, 1960), dan kan daar gesê word dat hierdie twee toetse so hoog soos 91% en 93% onderskeidelik suiwer tussen dié twee eienskappe onderskei en dat daar slegs 'n lading van 9% en 7% onderskeidelik op dieselfde faktor is.

Oor die algemeen is dit duidelik dat Rotter 1 deeglik onderskei wanneer hierdie drie eienskappe gemeet word.

d. Rotter 2 (Afhanklikheid en Angstigheid).

Hoë korrelasies is gevind tussen afhanklikheid en angstigheid soos die twee eienskappe gemeet word deur Rotter 2, naamlik .67 en .68 onderskeidelik. Albei korrelasies is beduidend by die .1% grens. Volgens hierdie resultate is daar 'n gemeenskaplike faktorlading van 45% en 46% onderskeidelik. Dit wil dus voorkom asof Rotter 2 nie daarin kon slaag om 'n duidelike verskil tussen hierdie twee eienskappe aan te dui nie.

71/....

e. Rotter 2 (Afhanklikheid en Vyandigheid):

Rotter 2 toon dieselfde onvermoë om te onderskei tussen afhanklikheid en vyandigheid. Korrelasie-koëffisiënte van .42 en .46, beduidend op die 1% en .1% vlak, is gevind vir die onderskeie groepe.

f. Rotter 2 (Angstigheid en Vyandigheid):

Die onderskeidingsvermoë van Rotter 2 ten opsigte van angstigheid en vyandigheid is nog swakker. Hoë korrelasies van .73 en .70 is gevind vir die onderskeie groepe, beide beduidend op die .1% vlak. Daar is 'n gemeenskaplike faktorlading van 53% en 49% onderskeidelik aanwesig.

Dit wil dus voorkom asof Rotter 2 geen betroubare onderskeid maak tussen afhanklikheid, angstigheid en vyandigheid nie, en dat dit waarskynlik slegs verskillende tellings vir dieselfde of verwante eienskappe is.

Hierdie verskynsel is waarskynlik in 'n sekere mate verantwoordelik vir die verskil tussen Rotter 1 en 2 en Rorschach ten opsigte van korrelasie met die ander toetse. 'n Faktor kom skynbaar in Rotter 2 na vore wat nie met een van die drie eienskappe aangedui kan word nie.

g. Rorschach (Afhanklikheid, Angstigheid en Vyandigheid):

'n Lae, onbeduidende korrelasie van .03 is gevind ten opsigte van afhanklikheid en angstigheid. 'n Soortgelyke onbeduidende korrelasie is gevind tussen afhanklikheid en vyandigheid, naamlik .05. Tussen vyandigheid en angstigheid is die korrelasie hoër maar ook betekenisloos, naamlik .22. 72/....

Volgens hierdie resultate is dit duidelik dat Rorschach ook suiwer onderskei tussen hierdie drie eienskappe.

h. Vraelys (Afhanklikheid en Dominansie):

Betekenisvolle negatiewe korrelasies van -.55 en -.58 is vir die onderskeie groepe gevind, beide beduidend by die .1% grens. Die negatiewe verwantskap tussen hierdie twee eienskappe word duidelik aangetoon, hoewel die korrelasies nie so hoog is dat dit as teenpole van dieselfde eienskap gesien kan word nie; dit is teenoorgesteld maar nie uitsluitend van aard nie.

i. Vraelys (Afhanklikheid en Ullman se L.S.A.):

Hoë korrelasies van .91 en .91 is vir die onderskeie groepe gevind. Dit wil gevolglik voorkom asof hierdie tellings nie onafhanklik van mekaar is nie, maar dat dit slegs tellings vir dieselfde eienskap is.

Die lae mate van verwantskap wat gevind is tussen Rotter 1, Rorschach en die vraelystellings ten opsigte van afhanklikheid en L.S.A. is waarskynlik te wyte aan die subjektiwiteit van die projektiewe tegnieke.

Die hoër korrelasie tussen Rotter 2 en die Vraelys ten opsigte van afhanklikheid en L.S.A. moet waarskynlik weer aan die onbekende faktor toegeskryf word.

j. Vraelys (Dominansie en Ullman se L.S.A.):

Hoë negatiewe korrelasies van -.84 en -.86 is

73/....

gevind vir die onderskeie groepe. Die negatiewe verwantskap tussen hierdie twee eienskappe word duidelik aangedui.

k. Vraelys (Vyandigheid en Openlike Vyandigheid):

Korrelasies van .52 en .52 wat by die .1% grens beduidend is, is vir die onderskeie groepe gevind. Tussen hierdie twee eienskappe word geen duidelike verskil aangedui nie.

Rotter 2 (vyandigheid) se korrelasie met O.V. is .49 wat ook nie 'n duidelike onderskeid aantoon nie, terwyl Rotter 1 en Rorschach (vyandigheid) se korrelasies ten opsigte van O.V. .29 en .10 is.

l. Vraelys (Vyandigheid en Bedekte Vyandigheid):

Korrelasies van .68 en .62 wat beide by die .1% grens beduidend is, is vir die onderskeie groepe gevind. Ook in hierdie geval is daar geen duidelike onderskeid tussen die twee eienskappe nie.

Rotter 2 en 1 (vyandigheid) korreleer nog laer (.45 en .44) ten opsigte van B.V., terwyl Rorschach (vyandigheid) nog laer met B.V. korreleer, naamlik .04.

Skynbaar word bedekte vyandigheid dus beter deur die Vyandigheidskaal van Siegel bepaal as wat dit die geval is met die ander skale.

m. Vraelys (Openlike en Bedekte Vyandigheid):

Korrelasies van .60 en .64, beide beduidend by die .1% grens, is gevind vir die onderskeie groepe. Ook in hierdie geval is daar geen duidelike onderskeid tussen die twee eienskappe nie, hoewel die interkorrelasies in hierdie geval hoër is as die wat

74/....

gevind is deur Bendig, naamlik .40 en .44 vir sy onderskeie groepe (bladsy 21).

Hierdie resultate kan in 'n mate verwag word aangesien hierdie twee toetse betrekking het op dieselfde eienskap, naamlik vyandigheid.

D. GEMIDDELDES, STANDAARDAFWYKINGS EN STANDAARDFOUTE VAN DIE RESULTATE.

Tabel 11 toon die aantal proefpersone (N) en die gemiddeldes ($\bar{X}$), die standaardafwykings (s) en die standaardfout van die gemiddeldes ($s_{\bar{X}}$).

1. Bespreking van die Verspreiding:

Die groep proefpersone wat by hierdie ondersoek gebruik is, was nie baie groot nie en sommige van die afwykings en onreëlmatige verspreidings kan hieraan toegeskryf word. Aan die ander kant is die grootte van die afwykings waarskynlik 'n goeie aanduiding daarvan dat die groep proefpersone nie homogeen was ten opsigte van die gemete persoonlikheidseienskappe nie en redelik verteenwoordigend was van die groep studente waaruit die steekproef getrek is. Hierdie vermoede word verder bevestig deur die klein verskille in gemiddeldes en standaardafwykings tussen N=76 en N=58. Selfs wanneer die proefpersone wat wel geprojekteer het by Rotter 2, geskei word van dié wat nie geprojekteer het nie, en die gemiddeldes en standaardfoute bereken word, bly die verskille relatief dieselfde. Die verskille is tewens so klein, dat feitlik al die besprekings aan die hand van die resultate van N=58 gedoen kan word; vergelyk Tabel 11. Slegs in enkele gevalle was daar noemenswaardige

75/....

TABEL 11

GEMIDDELDES, STANDAARDAFWYKING EN STANDAARDFOUT VAN DIE GEMIDDELDES (a) VAN DIE HELE GROEP (N=76), (b) DIE GROEP WAT RORSCHACH AFGELê HET (N=58) EN (c) DIE GROEP WAT GEPROJEKTEER HET BY ROTTER 2.

		a. N=76			b. N=58			c. N=52			
		$\bar{X}$	S	$S_{\bar{X}}$	$\bar{X}$	S	$S_{\bar{X}}$	$\bar{X}$	S	$S_{\bar{X}}$	
VRAELYSTE	Afhanklikheid	30.87	7.85	0.91	30.98	8.13	1.08	32.15	7.42	1.04	
	Angstigheid	19.50	5.43	0.63	19.53	5.22	0.69	19.98	4.95	0.69	
	Dominansie	27.72	6.70	0.77	27.41	6.71	0.89	26.83	7.07	0.99	
	Vyandigheid	14.99	5.61	0.65	15.05	5.82	0.77	15.33	5.59	0.78	
	O.Vyand.	4.05	2.59	0.30	4.24	2.51	0.33	4.35	2.80	0.39	
	B.Vyand.	9.80	3.91	0.45	9.93	3.86	0.51	10.13	3.93	0.55	
	L.S.A.	60.74	12.05	1.39	61.36	12.06	1.60	62.69	12.29	1.72	
RORSCHACH	Afhanklikheid				3.59	2.22	0.29	3.61	2.16	0.34	
	Angstigheid				7.78	3.67	0.49	8.61	3.65	0.58	N=41
	Vyandigheid				2.17	2.08	0.28	2.27	2.21	0.35	
ROTTER 1	Afhanklikheid	10.00	5.03	0.58	9.98	5.05	0.67	10.65	5.22	0.73	
	Angstigheid	7.34	3.15	0.36	7.19	3.26	0.43	7.46	2.93	0.41	
	Vyandigheid	4.05	2.99	0.34	4.12	2.99	0.40	3.90	2.61	0.36	
ROTTER 2	Afhanklikheid	6.37	6.39	0.74	6.79	6.43	0.85	9.56	5.60	0.78	
	Angstigheid	4.96	4.67	0.54	5.57	4.87	0.65	7.25	3.95	0.55	
	Vyandigheid	2.47	2.56	0.30	2.67	2.64	0.35	3.56	2.41	0.34	

verskille tussen die korrelasies soos gevind met die twee groepe; vergelyk Tabel 1.

Die verspreidingskrommes, soos weergegee in die grafieke, toon in die meeste gevalle 'n redelike normale verspreiding, as die klein getal proefpersone in gedagte gehou word. Daar is egter in sommige gevalle kenmerkende afwykings. So toon grafiek 1 (c) 'n kenmerkende skeefheid wat dui op die afwesigheid van vyandigheid. Ook Rotter 1, grafieke 2(c) en 3(c), en nog meér Rotter 2, grafieke 4(c) en 5(c), toon skeefheid as gevolg van die waarskynlike afwesigheid van, of min vyandigheid.

Dit is opmerklik dat in die gevalle van die Rorschach en Rotter 2, daar ongeveer 27% en 31% van die proefpersone, onderskeidelik, geen vyandigheidsresponse gegee het nie, terwyl daar by Rotter 1 slegs ongeveer 7% geen vyandigheidsresponse gegee het nie. Hierdie verskynsel skyn daarop te dui dat daar by Rotter 2, net soos in die geval van die Rorschach, 'n situasie van weiering of van faling kan wees. Indien dit in die geval van Rotter 2 'n geval van weiering was, kan 'n mens dit in 'n mate toeskryf aan die aanwesigheid van vyandigheid.

Laasgenoemde afleiding skyn gestaaf te word deur die verspreidingskrommes ten opsigte van afhanklikheid en angstigheid by Rotter 2, grafieke 4(a)(b) en 5(a)(b). Ook in dié gevalle het ongeveer 27% en 33% van die proefpersone nie geprojekteer nie, terwyl by die Rorschach en Rotter 1 daar ten opsigte van slegs afhanklikheid, grafieke 1(a), 2(a) en 3(a) 'n klein persentasie van ongeveer 5%, 3% en 2% onderskeidelik, nie geprojekteer het nie. Indien dit in die geval

77/....

van Rotter 2, 'n geval van faling sou gewees het, dan sou 'n mens kon verwag dat die persentasie nie-projekteerders relatief min of meer dieselfde moes gewees het vir verwante eienskappe by Rorschach en Rotter 2. Dit is egter nie die geval nie.

Die skeefheid van grafieke 4 en 5(a)(b) en (c) moet dus hoofsaaklik gesien word as gevolg van die aantal proefpersone wat nie in die outokinetiese situasie geprojekteer het nie, en gedeeltelik, soos reeds genoem, waarskynlik as gevolg van vyandigheid en, soos later aangetoon sal word, moontlik ook as gevolg van die teenwoordigheid van simptome van afhanklikheid en/of angstigheid.

Sodra die aantal proefpersone wat by Rotter 2 nie geprojekteer het nie, weggelaat word, is die grafieke, hoewel nie reëlmatig nie, redelik normaal vir die klein groep proefpersone.

Indien Rotter 2 vir N=58 en 76, grafieke 4(a)(b) en (c) en 5(a)(b) en (c) met mekaar vergelyk word is dit opmerklik dat ongeveer 27% en 30% ten opsigte van angstigheid, 31% en 32% ten opsigte van vyandigheid respektiewelik nie geprojekteer het nie. Die redelike mate van konstantheid van die aantal proefpersone wat proporsioneel nie geprojekteer het tydens die outokinetiese situasie nie, skyn ook 'n aanduiding te wees dat daar by 'n sekére groep van die proefpersone 'n redelike mate van agterdog aanwesig was. Tydens die outokinetiese eksperimente was hierdie skeptiese houdinge van sommige van die proefpersone duidelik opmerklik. Baie van hulle het die mening uitgespreek dat hulle „gebluf" word.

78/....

Ander faktore wat moontlik ook vir die swak reaksies tydens die outokinetiese situasie verantwoordelik gehou kan word en moontlik tot die skewe verspreiding bygedra het, is die volgende:

i. Vrees:

'n Groot aantal proefpersone wou nie in die donkerkamer ingaan nie. Hulle het duidelik te kenne gegee dat hulle bang is vir die donker. Hulle het ook versoek dat die eksperiment so gou as moontlik afgehandel moet word. Dit is te begrype dat, onder sulke omstandighede, nie die beste en volle samewerking verwag kan word nie.

ii. Die voorafgegewe verduideliking:

Die verduideliking dat die eksperiment ten doel het om te bepaal of daar enige verband bestaan tussen gesigskerpte en persoonlikheid en dat die liggie sekere sinnetjies gaan voltooi wat hulle moet probeer lees, het vir sommige proefpersone 'n bedreiging ingehou. 'n Hele aantal proefpersone wou vooraf weet wat dit sou beteken indien hulle nie kon lees nie of dalk verkeerd sou lees. Dit was duidelik dat hierdie proefpersone nie op hulle gemak was nie en dat hulle onderhewig was aan spanning.

Die verskynsel dat 'n aantal proefpersone nie geprojekteer het by Rotter 2 nie, laat die gemiddeldes en standaardafwykings ook anders uitsien as wat dit behoort te wees vir die groep wat wél geprojekteer het, m.a.w. van wie daar wel resultate was. In die meeste gevalle skuif die gemiddeldes dan dadelik op,

79/....


terwyl die standaardafwykings kleiner word (vergelyk Tabel 2) en die aard van die verskille tussen die gemiddeldes (t-toetse) verander ook dadelik.

Grafieke 6, 7 en 8 toon die verspreidingskrommes van die toetstellings vir die verskillende persoonlikheidseienskappe soos dit gemeet is deur die vraelys, N=76. Hierdie krommes is oor die algemeen in 'n mindere of meerdere mate onreëlmatig, maar afgesien van die onreëlmatighede vergelyk dié verspreidings baie gunstig met 'n normale kromme, veral as die klein groep proefpersone in hierdie steekproef in gedagte gehou word. Die meeste onreëlmatighede kom voor by L.S.A., afhanklikheid en dominansie, grafiek 6(a,b, en c). Die hoogste gemiddelde tellings is ook ten opsigte van hierdie drie eienskappe aangeteken.

In vergelyking met bogenoemde grafieke is dit opmerklik dat die verspreidings ten opsigte van vyandigheid, O.V., grafiek 7(a,b,c) en angstigheid, grafiek 8, laer gemiddeldes toon en dat daar 'n groter mate van reëlmaat aanwesig is. Relatief gesproke, is hierdie verspreidings in 'n mate in ooreenstemming met dié van Rorschach, Rotter 1 en Rotter 2.


Die feit dat daar geen noemenswaardige skeefhede by die vraelyskrommes, grafieke 7 en 8, aangetoon word nie, is waarskynlik te wyte aan die aard van die vraelystoets wat van die gedwongekeusetipe is en in 'n situasie afgelê word waar daar in werklikheid nie 'n persoonlike wisselwerking tussen die proefpersoon en die proefafnemer is nie, maar wat wel in 'n groot mate by Rotter 2, en in 'n minder mate by Rorschach (soos in hierdie ondersoek toegepas) en by Rotter 1 die geval was. Daar was dus vir die proefpersone geen rede om hulself teen enige „bedreiging" te beskerm

80/....




GRAFIEK 1 RORSCHACHTELLINGS.

N = 58.




GRAFIEK 2 ROTTER 1.

N = 58.




GRAFIEK 3 ROTTER 1.

N = 76.



GRAFIEK 4 ROTTER 2.


N = 58.




GRAFIEK 5 ROTTER 2.

N = 76.


PROEFPERSONE.



GRAFIEK 6 N=76



GRAFIEK 7 N = 76.



GRAFIEK 8 N = 76.

nie, want deur slegs n kruis oor die W of O te trek, hou geen „gevaar" in nie. Om dié rede is dit dus nie nodige om teen die vraelystoets in opstand te kom, of vir die vyandige of die angstige of die afhanklike persoon om homself, deur weiering te beskerm nie.

E. VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIES VAN PROEFPERSONE TUSSEN VERWANTE EIENSKAPPE SOOS GEMEET DEUR ROTTER 1 EN ROTTER 2 VIR N=76, 58 EN 52.

Met behulp van die volgende formule is nagegaan of daar betekenisvolle verskille is tussen die gemiddelde prestasies wat behaal is by Rotter 1 en Rotter 2 wanneer verwante eienskappe gemeet word.

$$s(\bar{x}_1 - \bar{x}_2) = \sqrt{s_{\bar{x}}^2 + s_{\bar{x}_1}^2 - 2r\, s_{\bar{x}_1} s_{\bar{x}_2}}$$

$$t = \frac{\bar{X}_1 - \bar{X}_2}{s(\bar{x}_1 - \bar{x}_2)}$$

Tabel 3 toon die t-waardes wat by die verskillende vergelykings gevind is. Die verskille tussen die gemiddelde prestasies vir N=76 en 58 is almal betekenisvol. Hiervolgens wil dit voorkom asof die resultate wat met hierdie twee toetse behaal is, nie met mekaar vergelykbaar is nie.

Omdat daar by Rotter 2 slegs 52 van die 76 proefpersone geprojekteer het, is die prestasies van diegene wat geprojekteer het geskei van die prestasies van die nieprojekteerders en die t-waardes van die gevolglike gemiddeldes bereken. Geen beduidend verskille is gevind nie. Dit wil dus voorkom asof prestasies in hierdie gevalle vergelykbaar is.

89/....

TABEL 111.

KRITIESE RATIOS BY VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIES WAT BEHAAL IS MET ROTTER 1 EN ROTTER 2 WANNEER VERWANTE EIENSKAPPE GEMEET WORD.

Rotter 1 N=76

		Afhanklikheid	Angstigheid	Vyandigheid
Rotter 2	Afhanklikheid	5.27		
	Angstigheid		4.17	
	Vyandigheid			3.88

Rotter 1 N=58

		Afhanklikheid	Angstigheid	Vyandigheid
Rotter 2	Afhanklikheid	4.07		
	Angstigheid		2.43	
	Vyandigheid			3.27

Rotter 1 N=52

		Afhanklikheid	Angstigheid	Vyandigheid
Rotter 2	Afhanklikheid	1.69		
	Angstigheid		0.39	
	Vyandigheid			0.90

90/....

Volgens die resultate van die verwerkinge (vergelyk Tabel 111) is dit duidelik dat die beduidende verskille by Rotter 1 en 2 vir N=76 en 58, toe te skryf is aan die feit dat so 'n groot aantal proefpersone, by Rotter 2, nie geprojekteer het nie.

Om bogenoemde rede kan afgelei word dat die korrelasies tussen Rotter 2 en die ander toetsresultate anders sou wees as slegs dié groep wat geprojekteer het, gebruik is. Om hierdie afleiding te toets, is korrelasies bereken tussen die projekteerders se prestasies op al die toetse.

Tabel 1V toon op vergelykender wyse die korrelasies tussen die projekteerders en nie-projekteerders se toetsprestasies aan.

By vergelyking skyn die volgende duidelik te word:

i. Die korrelasies tussen Rotter 1 en 2 ten opsigte van (afh: afh., ang: ang., vya: vya.) is nou deurgaans hoër naamlik .64, .39., .41 teenoor .53 .25 en .20 onderskeidelik by die geskeide groepe. (Vergelyk tabel). Dit is opmerklik dat daar ten opsigte van die vyandigheid 'n groot verskil tussen die twee groepe se toetskorrelasies aangedui word. Dit is natuurlik grotendeels toe te skryf aan die feit dat die nie-projekteerders afgeskei is.

ii. Rotter 2 korreleer nou deurgaans hoër met Rorschach as wat Rotter 1 met Rorschach korreleer (vergelyk tabel 1V), wanneer verwante eienskappe gemeet word. Dit is blykbaar slegs ten opsigte van angs dat die twee toetse op dieselfde eienskappe betrekking het, of anders gestel, dat Rotter 2

91/....

TABEL 1V.

VERGELYKING VAN KORRELASIES VAN PROJEKTEERDERS EN NIE-PROJEKTEERDERS SE TOETSPRESTASIES.

N=76	ROTTER 1
ROT 2 AFH:AFH	.53
ANG:ANG	.25
VY:VY	.20

N=52	ROTTER 1
ROT 2 AFH:AFH	.64
ANG:ANG	.39
VY:VY	.41

N=58	RORSCHACH
ROT 1 AFH:AFH	.05
ANG:ANG	.06
VY:VY	-.02

N=58	RORSCHACH
ROT 2 AFH:AFH	-.03
ANG:ANG	.44
VY:VY	.12

N=41	RORSCHACH
ROT 2 AFH:AFH	-.08
ANG:ANG	.33
VY:VY	.15

N=76	VRAELYS
ROT 1 AFH:AFH	.18
ANG:ANG	.31
VY:VY	.27
AFH:DOM	-.10
AFH:LSA	.18
VY:OV	.32
VY:BV	.44

N=76	VRAELYS
ROT 2 AFH:AFH	.29
ANG:ANG	.23
VY:VY	.28
AFH:DOM	-.20
AFH:LSA	.29
VY:OV	.40
VY:BV	.34

N=58	VRAELYS
RORSCHACH AFH:AFH	.27
ANG:ANG	.13
VY:VY	.05
AFH:DOM	-.03
AFH:LSA	.18
VY:OV	.10
VY:BV	.04

N=52	VRAELYS
ROT 2 AFH:AFH	.23
ANG:ANG	.27
VY:VY	.36
AFH:DOM	-.10
AFH:LSA	.21
VY:OV	.04
VY:BV	.39

N=76	ROTTER 1
ROT 1 AFH:ANG	.09
AFH:VY	-.04
ANG:VY	.27

N=76	ROTTER 2
ROT 2 AFH:ANG	.67
AFH:VY	.46
ANG:VY	.70

N=58	RORSCHACH
RORSCHACH AFH:ANG	.03
AFH:VY	.05
ANG:VY	.22

N=52	ROTTER 2
ROT 2 AFH:ANG	.36
AFH:VY	.06
ANG:VY	.54

meer op die vlak van die Rorschach meet. Die korrelasies is egter te laag om te aanvaar dat dié twee toetse as sulks op dieselfde vlak meet.

iii. Wanneer die korrelasies tussen Rotter 1 en die vraelystellings vergelyk word met dié tussen Rotter 2 en die vraelystellings, is daar nou 'n groter ooreenkoms te bespeur tussen die twee Rottertoetse, behalwe in die gevalle van vya: O.V.

Dit is weer eens opmerklik dat by Rotter 2 en die vraelystellings ten opsigte van angstigheid en vyandigheid 'n hoër korrelasie gevind is as by die ongeskeide groepe. Dieselfde afleiding as die vorige, is blykbaar weer geregverdig, naamlik dat die vyandige persoon wel geprojekteer het. Die feit dat (vya: B.V.) nou laer korreleer mag wees omdat Rotter 1 en 2 nie op dieselfde aspekte van die twee eienskappe betrekking het nie.

Oor die algemeen gesien, korreleer Rotter 2 nog effens hoër met die vraelystellings as wat Rotter 1 daarmee korreleer.

iv. Die korrelasies tussen nie-verwante eienskappe, soos gemeet deur dieselfde toets, toon dat Rotter 2, behalwe in die geval van afhanklikheid en vyandigheid nie op dieselfde vlak onderskei as Rorschach en Rotter 1 nie.

93/....

F. VERGELYKING VAN PROEFPERSONE WAT GEPROJEKTEER HET EN PROEFPERSONE WAT NIE GEPROJEKTEER HET NIE TEN OPSIGTE VAN HULLE GEMIDDELDE PRESTASIES OP DIE VRAELYSTELLINGS, ROTTER 1 EN RORSCHACH.

Proefpersone wat tydens die outokinetiese situasie 'n telling van 1 en minder behaal het, is beskou as 'n nie-projekteerder. Om te bepaal of hierdie twee groepe verteenwoordigend is van twee aparte groepe ten opsigte van persoonlikheidsfunksionering, wat 'n moontlike verklaring vir dié terughoudendheid kan bied, is die geskeide groepe se gemiddelde prestasies vir betekenisvolle verskille, nagegaan. Omdat nie-korreleerbare gegewens hier vergelyk word, is die volgende formule gebruik:

$$t = \frac{\bar{X}_1 - \bar{X}_2}{\sqrt{\left(\frac{\Sigma(X_1^2) - \frac{(\Sigma X_1)^2}{N} + \Sigma(X_2^2) - \frac{(\Sigma X_2)^2}{N}}{N_1+N_2-2}\right)\left(\frac{N_1 - N_2}{N_1 N_2}\right)}}$$

Op tabel V verskyn die t-waardes wat by die verskillende vergelykings gevind is. Betekenisvolle verskille is gevind tussen die gemiddelde prestasies van die groepe ten opsigte van Rorschach (angstigheid) en die vraelystelling (afhanklikheid en L.S.A.). Volgens hierdie resultate wil dit voorkom asof die afleiding wat vroeër reeds gemaak is, gestaaf word, naamlik dat afhanklikheid en angstigheid in 'n mate 'n bepalende faktor is op die reaksies van 'n persoon in die outokinetiese situasie. As aangeneem word dat die L.S.A.-toets („gebrek aan selfgelding") op 'n eienskap betrekking het wat waarskynlik by die afhanklike en/of angstige persoon ook voorkom, dan is dit 'n verdere stawing van bogenoemde afleiding.

94/....

TABEL V

KRITIESE RATIOS BY VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIES WAT BEHAAL IS DEUR PROEFPERSONE WAT GEPROJEKTEER HET EN NIE GEPROJEKTEER HET BY ROTTER 2 NIE

	N=52 en 24	t
Vraelyste	Afhanklikheid	2.14*
	Angstigheid	1.13
	Dominansie	1.73
	Vyandigheid	0.77
	O.Vyandigheid	1.46
	B.Vyandigheid	1.08
	L.S.A.	2.12*
Rotter 1	Afhanklikheid	1.67
	Angstigheid	0.48
	Vyandigheid	0.63

	N=41 en 17	
Rorschach	Afhanklikheid	0.12
	Angstigheid	2.82**
	Vyandigheid	0.54

95/.....

As in gedagte gehou word dat 17 uit 58 en 24 uit 76 proefpersone nie geprojekteer het by Rotter 2 nie, en die duidende verskille ten opsigte van angstigheid (Rorschach) en afhanklikheid en "lack of self assertion" (vraelys) was, dan moet vrees as die belangrikste faktor gesien word. Die angstige persoon mag bang wees dat sy nie aan die „vereistes" kan voldoen nie, terwyl die afhanklike persoon bang mag wees dat sy „verkeerd sal lees" en dus nie goedkeuring sal ontvang nie. In sulke gevalle is dit moontlik dat die proefpersoon uit selfverdediging sal weier om te reageer.

By sommige proefpersone kan daar dus die verskynsel van weiering (soos by Rorschach) of weiering of vlug in niksseggende antwoorde soos by nie-projektering, of gebruik van neutrale antwoorde sover moontlik, soos dit in Rorschach en Rotter 2 voorgekom het, aanwesig wees. Dat angs en afhanklikheid hier 'n bepalende rol gespeel het, word verder versterk deur die relatief hoër tellings van afhanklikheid en angs in al die toetse in vergelyking met die relatief laer toetspunte ten opsigte van vyandigheid. Vyandigheid mag egter 'n bykomstige faktor gewees het.

G. 'N KWALITATIEWE OORSIG.

Die resultate wat verkry is in hierdie studie, is teen die verwagting in. Dit sal egter foutief wees om sonder meer die gebruik van die outokinetiese tegniek as waardeloos te beskou.

Die metode wat tydens hierdie ondersoek gebruik is, was slegs eksperimenteel van aard en kan gevolglik nie as ideaal geskik beskou word, voordat ander metodes van toepassing ook ondersoek is nie. Uit die aard van die

96/....

metode wat gebruik is, was daar 'n duidelike prikkel saam met die outokinetiese stimuli aangebied wat „rigting" aan die respons gegee het. In 'n mate was hierdie metode tog struktureel van aard en kan dit nie as 'n suiwer projektiewe tegniek aanvaar word nie. Die ideale tegniek sou 'n metode gewees het waarin slegs die liggie as prikkel aangebied word sonder enige bykomstighede wat die aard en rigting van die respons sal bepaal. Dan sou dit egter nie sonder meer vergelykbaar met Rotter 1 gewees het nie. Met die liggie word slegs op die visuele waarnemingsvlak beweeg. Dit is moontlik dat die akoestiese hier interessante resultate sou gegee het of dat as die akoestiese en die visuele gekombineer was, meer projeksie sou plaasgevind het.

Die metode wat in hierdie studie gebruik is, het inderdaad daartoe bygedra dat die resultate wat verkry is, nie as honderd persent geldig aanvaar kan word nie. 'n Faktor wat buite die proefnemer se beheer was, was om te verhoed dat die proefpersone die eksperiment met mekaar bespreek. Daar kan sonder twyfel aanvaar word dat daar wedersydse beïnvloeding van proefpersone op mekaar was en dat dit die eksperiment in 'n sekere mate moes benadeel het. Volgens die studie van Canning Ray R. en Baker, James M. (1959), het hulle gevind dat die mening van die groep wel 'n beduidende invloed het op outokinese. Hierdie vermoede het by die proefnemer sterker geword namate die eksperiment gevorder het. Proefpersone het meer skepties begin raak en een van die dames het onomwonde verklaar dat daar probeer word om gekke van hulle te maak. Sy het verder verklaar dat die skynbare beweging van 'n liggie in die donker 'n bekende verskynsel is en indien 'n persoon wel iets kan lees, dit dan slegs 'n onbewustelike projektering

97/....

van die onderbewussyn is. Hierdie dame se houding het die indruk geskep dat sy gedurig op die verdediging was; so asof sy op haar hoede was teen enige respons wat haar moontlik as 'n dwaas sou laat voorkom. Dit is tog interessant dat hierdie dame telkens die skynbare beweging van die liggie waargeneem en beskryf het. Baie van haar waargenome response het egter die vorm van 'n vraagteken gehad. Dit wil verder voorkom asof daar duidelike weerstand van dié proefpersoon gekom het toe die volgende sinne gegee was om te voltooi.

Mans .....
Ek haat .....
Ek wens .....

Hier kon sy geen beweging waarneem nie en het kortaf verklaar dat die liggie nie beweeg het nie.

'n Verdere opvallende verskynsel is dat al die proefpersone wat nie geprojekteer het nie, tog die liggie sien beweeg het en ook 'n beskrywing van die aard en rigting daarvan gegee het. Sommige van hierdie proefpersone kom enkele sinne voltooi, terwyl hulle by die ander onvoltooide sinne slegs beweging van die lig kon waarneem. Een proefpersoon het verklaar dat sy wel kan sien dat die liggie skryf, maar dat die skrif daarvan so swak is dat dit onleesbaar is.

Soos reeds voorheen genoem, wil dit voorkom asof hierdie soort reaksies die gevolg is van afhanklikheid en/of angs en waarskynlik ook vyandigheid. Vermoedelik het vooroordeel hier 'n rol gespeel. Indien die eksperiment uitgevoer kon word met proefpersone wat geen kontak met mekaar gehad het nie, sou hierdie laaste vermoede moontlik uitgeskakel of meer beperk gewees het.

98/....

'n Ander opmerklike verskynsel, waarvan reeds voorheen melding gemaak is, was dat 'n aantal van die proefpersone baie onwillig was om in die donkerkamer in te gaan. Hulle was baie gespanne met die gevolglike afleiding dat daar in hierdie gevalle ook min samewerking was. Hier was moontlik veral angs aanwesig.

Nog 'n faktor wat opvallend was, was die tydsfaktor. Wanneer 'n groot aantal proefpersone op hierdie wyse getoets moet word, neem dit geweldig baie tyd in beslag. Sommige proefpersone het hulle misnoë duidelik laat blyk, omdat hulle so lank in spanning moes wag. Hierdie feit het daartoe bygedra dat hulle so gou soos moontlik wou klaarkry met die eksperiment, met die gevolglike afleiding dat hulle maar net gereageer het om so gou as moontlik klaar te kry.

Vir baie van die proefpersone was die eksperiment 'n „kwelling" in die opsig dat hulle dalk nie aan die vereistes kon voldoen nie en dit dan as 'n swakheid van hulle beskou sou word. Dit het duidelik geword uit die vrae wat hulle voor die eksperiment gestel het, byvoorbeeld:

„Wat sal dit beteken as ek nie kan lees wat die liggie skryf nie?".

„Wat daarvan as ek verkeerd sou lees?".

Dit is duidelik dat persone wat in so 'n spanning verkeer, ook nie spontaan sal reageer nie uit vrees dat dit dalk „verkeerd" mag wees.

Afgesien van bogenoemde negatiewe faktore het hierdie ondersoek hoogs interessante feite aan die lig gebring. Dit was opvallend dat baie proefpersone aanvanklik geen skrif kon waarneem nie, maar slegs beweging van die liggie. Namate die „instellingsinne" egter gevorder

99/....

het, en met die nodige aanmoediging om te probeer, het die proefpersone meer ontspan en het die response ook meer vryelik gekom. Na die vierde of vyfde sin het sommige proefpersone gemaklik begin „lees". Dit het etlike kere gebeur dat van die proefpersone gevra het dat die sinnetjie (deur die liggie „geskryf") herhaal moet word omdat die „handskrif" moeilik leesbaar is.

Dit was ook opmerklik dat sommige van die proefpersone 'n woordelikse herhaling gegee het van sinne wat hulle tydens die gewone situasie gegee het. Nadat die eksperiment ten einde geloop het, het die proefnemer aan hierdie persone gevra of hulle enigsins agtergekom het dat hulle reeds by 'n ander geleentheid dieselfde response gegee het. Daar was etlike van hulle wat onthou het dat hulle sinne wat op dieselfde wyse begin het, moes voltooi, maar dat hulle nie kon onthou wat hulle toé geskryf het nie.

Die hoogs persoonlike aard van die response waarvan Rechtschaffen A. en Mednick, S.A. (1955), melding maak, is ook tydens hierdie ondersoek waargeneem. Een spesifieke proefpersoon het geweier om te reageer. Toe daar aan haar gevra is of sy dan niks kan lees nie, het sy geantwoord dat sy baie duidelik kon lees wat die liggie geskryf het, maar dat sy nooit sal sê wat sy gelees het nie.

Baie sonderlinge response, wat van diep persoonlike aard is, is deur baie van die proefpersone gegee tydens die outokinetiese situasie, terwyl dieselfde proefpersone geensins daarvan melding gemaak het in die gewone situasie nie. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om al die response wat gegee is, hier weer te gee. Slegs enkele response word hier aangehaal om 'n aanduiding te gee van die aard van sommige van die response.

100/....

i. Ek wens ek was d - - d (Sy kon slegs die eerste en laaste d lees, maar verklaar dat sy die twee letters wat tussen-in was nie kon lees nie - dood?).

ii. Ek haat weeskinders. (In n onderhoud het die proefpersoon verklaar dat haar ouers n aangenome kind grootgemaak het en dat sy self altyd die minste moes wees).

iii. Ek wens ek was n kat.

iv. Ek haat gif.

v. My grootste vrees is dat my man eendag ontrou gaan wees.

vi. Mans is onbetroubare goed. (Response v en vi is deur dieselfde proefpersoon gegee).

vii. My grootste vrees is vir stemme in die nag

viii. Dit maak my seer as hulle meer aandag aan my suster gee as aan my.

ix. Toe ek nog n kind was, was ek alreeds onverstaanbaar.

x. My grootste kwelling is dat een van my familie moet doodgaan en tog kom daar n einde aan elkeen.

xi. Meeste meisies steek meér aan deur hulle woorde as mans; hulle is meer venynig.

xii. Ek ly aan n ewige vrees om dood te gaan.

xiii. Ek sou myself baie graag wou verander het.

xiv. Ek ly aan n vrees vir my meerderes.

xv. Meeste meisies is katterig.

xvi. Ek ly aan n nare kompleks dat my been nie gesond sal word nie.

101/....

Oor die algemeen geneem is hier dieselfde verskynsel waargeneem as waarvan melding gemaak is deur Rechtschaffen en Mednick (1955), naamlik dat hoe meer tyd toegelaat word, hoe beter die woordproduksie word. Tydens hierdie ondersoek was dit ook opvallend dat die proefpersone aan die begin geen woordsimbole kon waarneem nie, maar slegs beweging. Namate die eksperiment gevorder het, het sommige van die proefpersone eers letters begin sien, dan woorde, later gebroke sinne en dan volledige sinne. Slegs enkeles het onmiddellik begin om vol sinne te „lees".

Sommige proefpersone se response het bestaan uit beskrywings van beweging afgewissel deur neutrale woorde soos byvoorbeeld, om, was, is, aan, asook onvoltooide sinne soos byvoorbeeld: „My grootste vrees is dat my ouers.....". Die laaste gedeelte van die sin is voltooi deur 'n beskrywing te gee van die „beweging" van die ligpuntjie. Dit skyn asof hier 'n onbewustelike blokkering of onderdrukking van ongewenste gedagtes plaasgevind het.

Baie van die response wat tydens die outokinetiese situasie gegee is, was heeltemal neutraal en kon gevolglik nie beoordeel word nie. Oor die algemeen het die proefpersone meer volledige response tydens die gewone situasie gegee, alhoewel sommige van hulle ook nie al die sinne voltooi het nie.

Die feit dat daar nagenoeg 31.6% van die totale aantal proefpersone was, wat vir alle praktiese doeleindes nie geprojekteer het nie, spreek tot nadeel van die outokinetiese metode, soos dit in hierdie ondersoek toegepas is, tensy aanvaar kan word dat nie-projektering self 'n belangrike persoonlikheidsverskynsel is. Die aard van die response wat gekry is in die outokine-

102/.....

tiese situasie, is grootliks bepaal deur die vergesellende prikkel (die aanvang van die sin wat telkens gegee is). Sommige proefpersone het byvoorbeeld in 'n onderhoud na die eksperiment, verklaar dat die res van die sin deur hulle gedagtes geflits het, nog voordat die liggie die sin „voltooi" het. Ander proefpersone het weer verklaar dat hulle 'n respons in gedagte gehad het, maar dat die „skrywe" van die liggie nie daarmee ooreengestem het nie. Hierdie soort botsende faktore het dan daartoe aanleiding gegee dat hulle soms geen response gegee het nie. Indien dié proefpersone hulle egter streng aan die instruksies sou gehou het, moes hulle die voltooiing deur die liggie weergegee het.

Die resultate wat, ten spyte van dié metode verkry is, toon egter dat die outokinetiese verskynsel wel groot moontlikhede inhou vir eksperimentele werk en dat dit nuttig gebruik kan word wanneer inligting van besondere en hoogs persoonlike aard bekom wil word. Die ideale metode sou egter gewees het om response te probeer verkry, sonder enige bygaande prikkel, wat as veranderlike mee rekenskap gehou moet word.

H. ALGEMENE AFLEIDINGS VOORTVLOEIENDE UIT DIE KWANTITATIEWE ONTLEDING VAN DIE TOETSRESULTATE.

a. Rotter 1 en Rotter 2, N=76, korreleer baie hoër met mekaar as wat Rotter 2 met Rorschach, N=58, korreleer (vergelyk tabel IV) wanneer dieselfde eienskappe gemeet word. Wanneer slegs die projekteerders se prestasies by Rotter 2, met Rotter 1, N=52, gekorreleer word, dan is die korrelasies nog hoër. As dié korrelasies vergelyk word met die van Rotter 2 en Rorschach, N=41 (Nie-projekteerders uitgeskakel) is dit duidelik dat Rotter 1 en 2 meer

103/....

op dieselfde vlak meet as wat Rotter 2 en Rorschach op dieselfde vlak meet. Dit is teen die verwagting in. Dit is egter opmerklik dat die drie toetse, ten opsigte van angstigheid redelik homogeen meet, of op dieselfde aspek van die eienskap betrekking het.

Wanneer die korrelasies tussen Rorschach en Rotter 1, en Rorschach en Rotter 2 vir N=58, met mekaar vergelyk word, is die korrelasies tussen Rotter 2 en Rorschach (behalwe in die geval van afhanklikheid) hoër as die tussen Rotter 1 en Rorschach. Alhoewel dit ooreenkom met dit wat verwag is, is die korrelasies egter so laag dat 'n mens nie kan aanvaar, dat Rotter 2 en Rorschach op dieselfde eienskappe betrekking het nie, of op dieselfde vlak van bewustheid meet nie. Selfs wanneer slegs die projekteerders se prestasies gekorreleer word met die van Rorschach N=41, bly die verhouding relatief dieselfde; vergelyk tabel 1V. Volgens dié resultate wil dit voorkom asof Rotter 2 as projektiewe tegniek, in vergelyking met Rorschach, sterk betwyfel moet word.

b. Behalwe in die gevalle van angs: angs; en vyand: bedek. vyand; korreleer Rotter 2 hoër met die vraelystellings as wat Rotter 1 met die vraelystellings korreleer vir N=76 (tabel 1V). Hierdie resultate is teen die verwagting in. Indien slegs die projekteerders, N=52, se toetstellings gekorreleer word, bly die resultate relatief dieselfde, behalwe in die geval van vyand: openlike vyand. In laasgenoemde geval is die verskil redelik groot. Origens is die ooreenkoms tussen dié twee toetse se korrelasies met dié van die vraelystellings so groot dat 'n mens met 'n redelike mate van sekerheid kan aanneem dat Rotter 1 en 2, (wanneer die nie-projekteerders

104/....

uitgeskakel word) redelik op dieselfde vlak meet en op dieselfde eienskappe betrekking het.

c. Wanneer Rotter 1 en die vraelystellings se korrelasies vergelyk word met dié tussen Rotter 2 en die vraelystellings vir N=76 (tabel IV), is dit duidelik dat Rotter 2 slegs ten opsigte van afh: afh; afh: dom; afh: L.S.A.; vyand: O.V., effens hoër met die vraelystellings korreleer as wat dit met Rotter 1 die geval is. Dit wil dus voorkom asof Rotter 2 t.o.v. die eienskappe effens meer op 'n bewustelike vlak meet as Rotter 1. Die verskil is baie klein en daar kan aanvaar word dat Rotter 1 en 2 in 'n groot mate op dieselfde vlak meet.

Hierdie gevolgtrekking word verder gestaaf wanneer Rotter 1 en 2 se korrelasies vergelyk word met dié tussen Rorschach en die vraelystellings, vir N=58. Behalwe in die gevalle van afh: afh; afh: dom; en afh: L.S.A. is die korrelasies van Rotter 1 en 2 hoër as dié tussen Rorschach en die vraelystellings. Wanneer slegs die projekteerders by Rotter 2 se tellings gekorreleer word met die vraelystellings, bly die verhouding relatief dieselfde, maar dit is ook opmerklik dat daar nou 'n effense hoër ooreenstemming is tussen die metingsresultate van Rotter 1 en 2, behalwe in die geval van vyand: O.V.

d. Die onvermoë van Rotter 2 (N=76, tabel IV) om duidelik te onderskei tussen die veranderlikes wat dit veronderstel is om te meet, skyn daarop te dui dat Rotter 2 se tellings nie onafhanklik van mekaar is nie, maar waarskynlik bykomstige aspekte meet, of taamlik oorvleuel. Indien selgs die projekteerders se resultate in berekening gebring word, is dit duidelik

105/.....

dat daar veral ten opsigte van afh: vyand, duidelik onderskei word, maar dat die onderskeidingsvermoë van Rotter 2 tog swakker is as die van Rotter 1 en Rorschach.

e. Dat angstigheid en afhanklikheid en moontlik ook vyandigheid 'n rol speel in die outokinetiese situasie.

f. Die feit dat soveel as ongeveer 31% van die proefpersone nie geprojekteer het nie, is 'n aanduiding dat Rotter 2 as tegniek (soos in hierdie studie) hom daartoe leen dat proefpersone eenvoudig kan weier om te reageer. Waar die tydsfaktor enigsins 'n rol speel en groot groepe getoets moet word, sal dit nie die moeite loon om Rotter 2, as meetinstrument, in 'n battery van toetse in te sluit nie. Indien nie-projektering by Rotter 2 egter 'n aanduiding van bepaalde persoonlikheidseienskappe is (soos faling in die Rorschach) kan dit waarskynlik nuttig by indiwiduele gevalle gebruik word.

SAMEVATTING

Sedert die outokinetiese verskynsel vir die eerste keer waargeneem en beskryf is, het dit die belangstelling van talle navorsers gaande gemaak. Dit het 'n interessante veld van navorsing gebied vir kliniese sowel as die eksperimentele Sielkunde.

Onafhanklike navorsers het nie alleen groot individuele verskille deur middel van die outokinetiese tegniek gevind nie, maar het ook hoë toets-hertoets betroubaarheid in die mate en patroon van die skynbare beweging, gevind. Hierdie subjektiwiteit en betroubaarheid het as aansporing gedien tot verdere ondersoeke na die moontlikheid om van hierdie tegniek gebruik te maak en dit te ontwikkel tot 'n navorsingstegniek, sowel as 'n diagnostiese instrument. In die literatuur oor die outokinese word verder ook van melding gemaak van die projektiewe aard van hierdie tegniek en dat die response wat deur proefpersone gemaak is, van hoogs persoonlike en buitengewone aard is.

Die Ondersoek.

Die doel van hierdie ondersoek is om, op grond van bogenoemde bevindinge 'n ondersoek in te st_l na die outokinetiese sinsvoltooiing as projektiewe tegniek. In die huidige ondersoek is gebruik gemaak van Rotter se Sinsvoltooiingstoets as projektiewe tegniek in:

i. Die gewone situasie.

ii. Die outokinetiese situasie.

Verskeie ander persoonlikheidsmaatstawwe is ook in hierdie ondersoek gebruik en die verwantskap daarvan met

107/....

dié van Rotter se Sinsvoltooiingstoets is bestudeer.

Die proefpersone was 'n groep van 76 damestudente van die Potchefstroomse Onderwyskollege waarvan 38 in hulle eerste jaar was en die res in hulle tweede jaar. Van hierdie 76 dames was daar egter net 58 dames wat bereid was om die Rorschachtoets af te lê.

Die hipotese is gestel dat indien Rotter se Sinsvoltooiingstoets, deur middel van die outokinetiese tegniek toegepas, wel dieperliggende onbewuste inhoude meet, dan behoort:

i. Rotter 2 (outokineties) hoër te korreleer met Rorschach as wat Rotter 1 (gewoonweg toegepas) met Rorschach sal korreleer.

ii. Rotter 2 behoort laer te korreleer met vraelystellings as wat Rotter 1 met die vraelystellings sal korreleer.

Resultate en Bevindinge.

a. Rotter 1 en Rotter 2 korreleer baie hoër met mekaar as wat Rotter 2 en Rorschach met mekaar korreleer wanneer verwante eienskappe gemeet word.

b. Rotter 2 korreleer effens hoër, ten opsigte van sekere eienskappe, met die vraelystellings as wat Rotter 1 met die vraelystellings korreleer. Dit is teen die verwagting in. Die verskille is egter so min dat dit aanvaarbaar is dat Rotter 1 en Rotter 2 op dieselfde vlak funksioneer.

c. Dit skyn asof Rotter 2, as projektiewe tegniek, in vergelyking met Rorschach sterk betwyfel moet word.

108/....

d. Rotter 2 openbaar 'n skynbare onvermoë om te onderskei tussen die veranderlikes wat dit veronderstel is om te meet.

e. Dat Rotter 2, as tegniek, die geleentheid bied dat proefpersone kan weier om te reageer, maar dat hierdie weiering moontlik ook as faling (soos by Rorschach) beskou kan word.

f. Dat Rotter 2 'n tydrowende proses is, en nie genoegsaam ekonomies is wanneer 'n groot aantal proefpersone getoets moet word nie.

g. Dat angs en afhanklikheid en in 'n mate ook vyandigheid, 'n rol speel in die outokinetiese situasie en waarskynlik in 'n groot mate die toetsresultate beïnvloed.

h. Dat daar tydens die outokinetiese situasie wel projektering van 'n besondere en hoogs persoonlike aard plaasvind en dat dit waarskynlik in indiwiduele gevalle, nuttig gebruik kan word.

Die resultate in die outokinetiese situasie mag waarskynlik daar anders uitsien indien die instruksies, motivering, metode en materiaal gewysig word. Dit behoort ondersoek te word.

SUMMARY

Ever since the autokinetic phenomenon was observed and described for the first time, it has aroused the interest of numerous research workers. This phenomenon has provided an interesting field for research in clinical as well as experimental psychology.

Independent research workers have not only detected great individual differences through the autokinetic technique, but have also attained a high test re-test reliability in the extent and pattern of the apparent movement. This subjectivity and reliability encouraged the development of this technique to a research technique as well as a diagnostic instrument. In the autokinetic literature the projectivity of this technique is mentioned, and the responses attained, proved to be of an exceptional and highly personal nature.

The Investigation.

The aim of this study is to investigate the usefulness of autokinetic sentence completion as a projective technique. Rotter's Incomplete Sentences Blank for college screening has been used in this investigation as projective technique in:

i. The usual situation.

ii. The autokinetic situation.

Several other personality scales have also been used in this investigation and the correlations of, or differences between these tests with the Rotter Incomplete Sentences Blank have been investigated.

110/....

The subjects consisted of 76 female students from the Potchefstroom College of Education, of whom 38 were first year students, while the rest were second year students. Of the 76 only 58 were prepared to undergo the Rorschach Test.

The hypothesis was that if the Rotter Incomplete Sentences Blank, as applied by means of the autokinetic technique, measures deeper sub-conscious contents, then:

i. There should be a higher correlation between Rotter 2 (applied by means of the autokinetic technique) and the Rorschach, than the correlation between Rotter 1 (applied in the common way) and the Rorschach.

ii. The correlations between Rotter 2 and the questionnaire should be lower than the correlations between Rotter 1 and the questionnaire.

Results and Findings.

a. Rotter 1 and Rotter 2 correlate much higher with each other than Rotter 2 and the Rorschach when related traits are measured.

b. In comparison with Rotter 1, Rotter 2 correlates a little higher in connection with certain traits with the questionnaire. This does not support the anticipated results. The differences are, however, so insignificant that it must be accepted that Rotter 1 and Rotter 2 function of the same level.

c. As projective technique, it seems as if Rotter 2, in comparison with the Rorschach, is highly doubtful.

111/....

d. Rotter 2 reveals an apparent inability to distinguish between the variables which it is supposed to measure.

e. Rotter 2 as technique, offers the opportunity to subjects to refuse to respond, but this refusal can possibly also be considered as failure (as with Rorschach).

f. Rotter 2, as a testing technique, takes too much time and that it is not economic enough when a large number of subjects are to be tested.

g. Anxiety and dependency and to a certain extent, also hostility, may be important in the autokinetic situation and probably influence the test results to a great extent.

h. During the autokinetic situation projection of an exceptional and highly personal nature occurs and this can probably be of value in individual cases.

The results obtained in the autokinetic situation might have been different if different instructions, methods and material had been used. This aspect should be investigated.

BIBLIOGRAFIE

Adorno, T.W., Frenkel-Brunswik, Else, Levinson, O.T., and Sanford, R.N. (1950). The Authoritarian Personality. New York: Harper.

Bendig, A.W. (1961). A factor analysis of scales of emotionality and hostility. J. clin. Psychol., 17, 189 - 192.

Bendig, A.W. (1962). The Pittsburgh scales of social extraversion-introversion and emotionality. J. Psychol., 53, 199 - 209.

Bendig, A.W. (1962). Factor analytic scales of covert and overt hostility. J. consult. Psychol., Vol. 26, No. 2, 200.

Buss, A.H. and Durkee, Ann. (1957). An inventory for assessing different kinds of hostility. J. consult. Psychol., 21, 343 - 349.

Canning, Ray R. and Baker, James M. (1959). Effect of the group on authoritarian and non-authoritarian persons. Amer. J. Sociol., 64, 579 - 581.

Chaplin, James P. (1955). Sex differences in perception of autokinetic movement. J. gen. Psychol., 52, 149 - 155.

Churchill, R. and Crandall, V.J. (1955). The reliability and validity of the Rotter Incomplete Sentences Test. J. consult. Psychol., 19, 345 - 350.

Corlow, L., Zimet, C.N. and Fine, H.J. (1952). The validity of anxiety and hostility Rorschach scores among adolescents. J. consult. Psychol., 16, 73 - 75.

113/....

Comalli, Peter E., Jr., Werner, H. and Wapner, S. (1957). Studies in physiognomic perception: Effect of directional dynamics and meaning-induced sets of autokinetic motions. J. Psychol., 43, 289 - 299.

Cronbach, L.J. (1960). Essentials of psychological testing. (2nd Ed.) New York: Harper.

De Vos, G. (1952). A quantitative approach to effect symbolism in the Rorchach. J. proj. Tech., 16, 133 - 150.

Doane, B.K., Mahatoo, W., Heron, W. and Scot, J.H. (1959). Changes in perceptual function after isolation. Canad. J. Psychol., 13, 210 - 219.

Edwards, W. and Crutchfield, R.S. (1951). Differential raduction of the autokinetic movement by a fixed figure. J. exp. Psychol., 42, 25 - 31.

Edwards, W. (1954). Two and three-dimensional autokinetic movement as a function of size and brightness of stimili. J. exp. Psychol., 48, 391 - 398.

Elizur, A. (1949). Content analysis of the Rorschach with regard to anxiety and hostility. J. proj. Tech. 13, 247 - 284.

Endler, N.S. (1960). Social conformity in perception of the autokinetic effect. J. abnorm. soc. Psychol. 61, 489 - 490.

Eysenck, H.J., Granger, G.W. and Brengelmann, J.C. (1957). Maudsley Monographs, No. 2 New York: Basic Books Inc.

Farrow, B.J. and Santos, J.F. (1962). Changes in autokinetic perceptions as a function of the transfer of conditioning effects. Brit. J. Psychol., 53, 331 - 337.

114/....

Fisher, S. and Rubenstein, I. (1956). Effects of moderate sleep deprivation on social influence in the autokinetic situation. Walter Reed Army Institute of Research Report, p. 63 - 67.

Fisher, S. (1961). Achievement themes and directionality of autokinetic movement. J. abnorm. soc. Psychol., 63, 64 - 68.

Fromm, E. (1941). Escape from freedom. New York: Rinehart.

Gough, H.G., McClosky, H. and Meehl, P.E. In Basic reasings on the M.M.P.I. in Psychol. and Medicine. (Reads) Welsh and Dahlstrom.

Gough, H.G., McClosky, H. and Meehl, P.E. (1951). A personality scale for Dominance. J. abnorm. and soc. Psychol., 46, 360 - 366.

Granger, G.W. (1953). Personality and visual perception: a review. J. ment. Sci., 99, 8 - 43.

Haggert, Ernest and Babin, Rachel. (1948). On the problem of reinforcement in conditioning the autokinetic phenomenon. J. exp. Psychol., 38, 511 - 525.

Karwoski, T.F., Redner, H., and Wood, W. (1948). Autokinetic movement of large stimili. J. gen. Psycol., 39, 29 - 37.

Kline, N.S. (1952). Vestibular function in autokinesis. In Metter, F.A. (ed) Psychosurgical Problems.

Levitt, E.E., Lubin, B. and Zuckerman, M. (1962). A simplified method of scoring Rorschach content for Dependency. Reprinted from J. proj. Tech., Vol. 26, No. 2.

Linton, H.B. (1954). Autokinetic judgements as a measure of influence. J. abnorm. Psychology, 49, 464 - 466.

115 /....

Lubin, B., Levitt, E.E. and Zuckerman, M. (1962). Some personality differences between responders and non-responders to a survey questionnaire. J. consult. Psychol., Vol. 26, No. 2, 192.

Luchins, A.S. (1954). The relation of size of light to autokinetic effect. J. Psychol., 38, 439 - 452.

Maslow, A.H. (1943). Authoritarian character structure. J. soc. Psychol., 18, 401 - 411.

Mednick, S.A., Harwood, A. and Wertheim, J. (1957). Perception of disturbing and neutral words through the autokinetic word technique. J. abnorm. soc. Psychol., 55, 267 - 269.

Moustgaard, I.K. (1963). A phenomenological approach to autokinesis. Scand. J. Psychol., 4, 17 - 22.

Navran, L.A. (1954). A rationally derived M.M.P.I. scale to measure Dependence. J. consult. Psychol., Vol. 18, No. 3.

Newbigging, P.L. (1954). Sex differences in the autokinetic situation. Bull. Marit. Psychol. Ass., 22 - 29.

Panek, R.E. and Hannum, T.E. (1962). Relation between autokinesis and introversion-extraversion. J. consult. Psychol., 26, 5, 477.

Paterson, D.G., Schneidler, G.G. and Williamson, E.G. (1938). Student guidance Techniques. Mc.Graw-Hill Book Co., Inc., New York.

Rechtschaffen, A. and Mednick, S.A. (1955). The autokinetic word technique. J. abnorm. soc. Psychol., 51, 346.

116/....

Renner, K.E., Maher, B.A. and Campbell, D.T. (1962). The validity of a method for scoring sentence-completion responses for anxiety, dependency, and hostility. J. appl. Psychol., Vol. 46, No. 4, 285 - 290.

Robertson, M.H. (1961). Theoretical implications of sensory deprivation. Psychol. Rec., 11, 33 - 42.

Robertson, M. and Martin, R. (1961). Sensory deprivation and its relation to projection. J. consult. Psychol., 25, 274.

Robertson, M. and Browing, R. (1963). The effects of brief sensory deprivation upon responses to a word assosiation test. Psychol. Rec., 259 - 264.

Rotter, J.B. and Willerman, B. (1947). The incomplete sentences as a method of studying personality. J. consult. Psychol. 11, 43 - 54.

Rotter, J.B., Rafferty, Janet E. and Schachtitz, Eva. (1949). Validation of the Incomplete Sentences Blank for College screening. J. consult. Psychol., 13, 348 - 355.

Rotter, J.B. (1950). The Rotter Incomplete Sentences Blank. J. consult. Psychol., 14, 333.

Rotter, J.B., Rafferty, Janet E., and Lotsof, Antionette B. (1954). The validity of the Rotter Incomplete Sentences Blank: High School Form. J. consult. Psychol., Vol. 18, No. 2, 105 - 111.

Sanders, R. and Cleveland, S.E. (1953). The relationship between certain examiner personality variables and subjects' Rorschach scores. J. proj. Tech., 17, 34 - 50.

117/....

Sexton, M.C. (1945). The autokinetic test; its value in psychiatric diagnosis and prognosis. Amer. J. Psychiat., 102, 399 - 402.

Sherif, M. (1935). A study of social factors in perception. Arch. Psychol., 27, 1 - 60.

Siegel, S.M. (1956). The relationship of hostility to authoritarianism. J. abnorm. soc. Psychol., 52, 368 - 372.

Spivak, M.L. and Papajohn, J. (1957). The effect of schedule reinforcement on operant conditioning of a verbal response in the autokinetic situation.

Ullman, L. (1958). On the relationship between amount of hospitalization and self-assertion. Americ. Psychologist, 13, 327 (abstract).

Voth, A.C. (1941). Individual differences in the autokinetic phenomenon. J. exp. Psychol., 29, 306 - 322.

Voth, A.C. (1947). An experimental study of mental patients through the autokinetic phenomenon. Amer. J. Psychiat., 103, 793 - 805.

Walters, R.H., Marshall, W .E. and Shooter, J.R. (1960). Anxiety, isolation and suceptibility to social influence. J. Personality, 28, 518 - 529.

Walters, R.H. and Quinn, M.J. (1960). The effects of social and sensory deprivation on autokinetic judgements. J. Personality, 28, 210 - 219.

Zuckerman, M., Levitt, E.E. and Lubin, B. (1961). Concurrent and construct validity of direct and indirect measures of dependency. J. consult. Psychol., 25, 316 - 323.

BYLAE A

1. ROUPUNTTELLINGS SOOS VERKRY BY RORSCHACH.

N	Afhank.	Angst.	Vyand.	N	Afhank.	Angst.	Vyand.
1	4	16	1	31	2	4	0
2	6	3	0	32	2	7	1
3	3	7	2	33	6	9	2
4	2	8	1	34	5	10	0
5	3	8	0	35	5	4	0
6	2	18	0	36	1	7	2
7	1	7	2	37	7	5	3
8	3	2	4	38	2	6	1
9	3	10	3	39	1	2	0
10	3	8	2	40	5	7	3
11	9	16	9	41	0	9	3
12	2	7	4	42	2	2	7
13	6	9	1	43	1	10	5
14	4	6	0	44	3	2	3
15	4	9	3	45	5	17	2
16	6	4	1	46	4	12	2
17	6	4	0	47	7	6	2
18	6	10	2	48	4	6	0
19	0	11	5	49	4	7	0
20	3	8	4	50	3	9	1
21	5	1	3	51	1	9	5
22	9	7	0	52	4	7	0
23	9	9	4	53	0	11	2
24	6	9	4	54	4	12	7
25	3	5	0	55	2	5	4
26	1	5	1	56	2	6	3
27	2	5	0	57	6	6	0
28	1	9	6	58	3	12	1
29	2	13	4				
30	3	8	1	Σ	208	451	126

119/....

BYLAE A (vervolg)

2. ROUPUNTTELLINGS SOOS VERKRY BY ROTTER 1.

N	Afhank.	Angst.	Vyand.	N	Afhank.	Angst.	Vyand.
1	10	13	4	40	14	5	2
2	6	13	7	41	8	2	3
3	6	13	12	42	9	4	0
4	13	6	3	43	11	4	3
5	19	10	2	44	9	10	7
6	12	10	5	45	11	6	6
7	6	13	4	46	16	4	10
8	12	11	3	47	11	3	1
9	14	4	3	48	6	5	2
10	0	4	1	49	9	7	3
11	8	6	6	50	17	8	5
12	15	4	3	51	11	4	1
13	7	12	9	52	5	4	0
14	15	6	5	53	12	9	2
15	3	9	6	54	13	8	6
16	11	11	4	55	11	7	5
17	14	5	0	56	8	11	3
18	3	4	3	57	7	10	7
19	7	9	3	58	28	6	3
20	7	11	3	59	22	8	1
21	2	3	1	60	13	8	1
22	12	3	3	61	11	11	11
23	15	6	11	62	19	8	3
24	8	5	4	63	18	11	4
25	10	12	8	64	6	12	7
26	0	2	14	65	8	9	2
27	9	1	3	66	8	3	6
28	6	11	3	67	9	6	5
29	17	10	6	68	8	7	2
30	1	4	4	69	12	8	0
31	14	5	2	70	9	8	8
32	11	7	3	71	5	3	2
33	11	8	6	72	10	10	1
34	15	8	4	73	5	3	2
35	18	12	8	74	5	10	2
36	4	8	1	75	7	10	4
37	5	9	2	76	10	6	8
38	9	7	1				
39	8	5	0	Σ	760	558	308

120/....

BYLAE A (vervolg)

3. ROUPUNTTELLINGS SOOS VERKRY BY ROTTER 2.

N	Afhank.	Angst.	Vyand.	N	Afhank.	Angst.	Vyand.
1	13	10	4	40	10	9	3
2	3	7	3	41	8	4	5
3	5	7	9	42	14	6	0
4	12	11	5	43	0	0	0
5	11	12	2	44	0	0	0
6	12	16	8	45	7	7	5
7	10	10	2	46	3	8	1
8	13	10	2	47	0	0	1
9	5	10	6	48	11	2	1
10	1	4	2	49	7	7	2
11	11	12	2	50	12	9	3
12	0	0	0	51	11	9	2
13	0	0	0	52	5	3	2
14	21	7	6	53	8	5	5
15	7	8	4	54	8	13	11
16	0	0	0	55	22	7	6
17	1	0	0	56	0	0	0
18	2	0	0	57	8	12	7
19	0	0	0	58	27	9	4
20	7	14	6	59	19	8	4
21	0	0	0	60	14	6	1
22	5	0	0	61	0	0	0
23	17	14	4	62	10	6	2
24	16	9	4	63	13	8	4
25	8	13	6	64	0	0	1
26	0	0	1	65	8	2	4
27	0	0	0	66	12	1	2
28	7	5	6	67	2	2	1
29	17	13	4	68	14	8	6
30	0	8	2	69	7	4	0
31	11	4	3	70	0	0	0
32	10	3	3	71	0	0	0
33	4	4	2	72	0	0	0
34	1	0	0	73	0	0	0
35	0	0	0	74	1	1	1
36	0	0	0	75	5	8	7
37	0	0	0	76	0	0	0
38	3	2	1				
39	0	0	0	Σ	499	377	188

121/....

BYLAE A (vervolg)

4. ROUPUNTTELLING SOOS VERKRY BY VRAELYSTE.

N	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
1	22	14	5	21	36	23	71
2	18	9	6	21	30	26	62
3	25	17	12	22	36	15	76
4	10	12	1	22	42	18	80
5	17	9	2	17	26	33	51
6	21	16	7	25	42	23	78
7	10	8	3	25	41	15	82
8	8	10	5	23	36	28	65
9	17	13	5	24	32	21	69
10	8	4	1	13	30	29	57
11	10	5	5	18	32	33	57
12	15	8	2	13	20	40	40
13	23	16	4	28	46	34	71
14	12	10	5	24	38	22	74
15	11	11	5	24	41	11	85
16	21	12	4	26	36	27	67
17	6	1	4	3	11	25	45
18	19	9	3	20	21	38	42
19	14	10	5	13	22	39	43
20	24	19	12	28	32	31	57
21	17	11	6	20	33	30	61
22	10	12	4	23	40	20	76
23	13	10	2	20	28	29	57
24	28	16	3	29	46	26	76
25	14	13	4	25	50	15	90
26	16	14	6	25	33	23	69
27	7	3	2	12	20	32	46
28	22	11	6	18	23	39	44
29	16	16	5	21	37	19	76
30	10	4	3	9	22	41	41
31	19	8	3	19	21	34	46
32	16	12	2	23	31	25	65
33	14	6	2	19	36	20	72
34	16	12	6	22	23	32	51
35	15	10	1	22	32	24	64
36	19	8	4	21	21	34	47
37	14	10	5	20	39	23	72
38	10	4	2	17	26	17	66
39	16	7	3	20	20	25	52
40	15	10	4	21	38	29	65

122/....

BYLAE A (vervolg)

N	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
41	10	7	3	15	22	32	49
42	12	9	5	18	25	26	57
43	21	5	2	11	22	33	47
44	12	7	1	15	24	29	53
45	30	18	10	24	39	32	66
46	25	12	5	20	25	31	54
47	7	9	2	18	35	29	64
48	8	6	6	9	21	37	43
49	6	4	2	16	31	24	63
50	8	7	2	11	24	28	55
51	16	10	4	19	38	29	66
52	11	9	3	21	33	22	66
53	17	6	5	12	22	29	52
54	14	10	6	26	33	34	57
55	15	12	4	17	28	21	66
56	3	10	3	21	34	26	66
57	23	14	12	20	32	31	59
58	17	11	2	24	40	29	68
59	10	12	2	25	46	20	82
60	15	11	6	20	23	39	44
61	23	17	8	26	36	23	70
62	9	11	2	24	36	30	63
63	11	7	4	19	36	20	73
64	16	12	5	20	28	30	55
65	20	9	3	20	28	38	47
66	15	12	2	19	30	24	65
67	22	15	10	27	35	24	67
68	17	1	0	4	18	30	41
69	15	3	0	23	37	24	68
70	9	7	2	9	22	42	40
71	9	3	1	11	23	29	53
72	21	10	1	27	38	24	69
73	15	8	3	20	25	31	51
74	12	11	4	15	30	23	63
75	20	12	7	20	27	38	46
76	7	8	2	20	31	28	60
Σ	1139	745	308	1482	2346	2107	4616

123/....

BYLAE B

1. TOETSTELLING VAN PROEFPERSONE WAT GEPROJEKTEER HET BY ROTTER 2.

	RORSCHACH			ROTTER 1			ROTTER 2			VRAELYS						
N	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
1.	4	16	1	10	13	4	13	10	4	22	14	5	21	36	23	71
2.	6	3	0	6	13	7	3	7	3	18	9	6	21	30	26	62
3.	3	7	2	6	13	12	5	7	9	25	17	12	22	36	15	76
4.	2	8	1	13	6	3	12	11	5	10	12	1	22	42	18	80
5.	3	8	0	19	10	2	11	12	2	17	9	2	17	26	33	51
6.	2	18	0	12	10	5	12	16	8	21	16	7	25	42	23	78
7.	1	7	2	6	13	4	10	10	2	10	8	3	25	41	15	82
8.	3	2	4	12	11	3	13	10	2	8	10	5	23	36	28	65
9.	3	10	3	14	4	3	5	10	6	17	13	5	24	32	21	69
10.	3	8	2	0	4	1	1	4	2	8	4	1	13	30	29	57
11.	9	16	9	8	6	6	11	12	2	10	5	5	18	32	33	57
14.	4	6	0	15	6	5	21	7	6	12	10	5	24	38	22	74
15.	4	9	3	3	9	6	7	8	4	11	11	5	24	41	11	85
18.	6	10	2	3	4	3	2	0	0	19	9	3	20	21	38	42
20.	3	8	4	7	11	3	7	14	6	24	19	12	28	32	31	57
22.	9	7	0	12	3	3	5	0	0	10	12	4	23	40	20	76
23.	9	9	4	15	6	11	17	14	4	13	10	2	20	28	29	57
24.	6	9	4	8	5	4	16	9	4	28	16	3	29	46	26	76
25.	3	5	0	10	12	8	8	13	6	14	13	4	25	50	15	90
28.	1	9	6	6	11	3	7	5	6	22	11	6	18	23	39	44
29.	2	13	4	17	10	6	17	13	4	16	16	5	21	37	19	76
30.	3	8	1	1	4	4	0	8	2	10	4	3	9	22	41	41

BYLAE B (vervolg)

N	RORSCHACH			ROTTER 1			ROTTER 2			VRAELYS						
	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
31.	2	4	0	14	5	2	11	4	3	19	8	3	19	21	34	46
32.	2	7	1	11	7	3	10	3	3	16	12	2	23	31	25	65
33.	6	9	2	11	8	6	4	4	2	14	6	2	19	36	20	72
38.	2	6	1	9	7	1	3	2	1	10	4	2	17	26	17	66
40.	5	7	3	14	5	2	10	9	3	15	10	4	21	38	29	65
41.	0	9	3	8	2	3	8	4	5	10	7	3	15	22	32	49
42.	2	2	7	9	4	0	14	6	0	12	9	5	18	25	26	57
45.	5	17	2	11	6	6	7	7	5	30	18	10	24	39	32	66
46.	4	12	2	16	4	10	3	8	1	25	12	5	20	25	31	54
48.	4	6	0	6	5	2	11	2	1	8	6	6	9	21	37	43
49.	4	7	0	9	7	3	7	7	2	6	4	2	16	31	24	63
50.	3	9	1	17	8	5	12	9	3	8	7	2	11	24	28	55
51.	1	9	55	11	4	1	11	9	2	16	10	4	19	38	29	66
52.	4	7	0	5	4	0	5	3	2	11	9	3	21	33	22	66
53.	0	11	2	12	9	2	8	5	5	17	6	5	12	22	29	52
54.	4	12	7	13	8	6	8	13	11	14	10	6	26	33	34	57
55.	2	5	4	11	7	5	22	7	6	15	12	4	17	28	21	66
57.	6	6	0	7	10	7	8	12	7	23	14	12	20	32	31	59
58.	3	12	1	28	6	3	27	9	4	17	11	2	24	40	29	68
59.				22	8	1	19	8	4	10	12	2	25	46	20	82
60.				13	8	1	14	6	1	15	11	6	20	23	39	44
62.				19	8	3	10	6	2	9	11	2	24	36	30	63
63.				18	11	4	13	8	4	11	7	4	19	36	20	73
65.				8	9	2	8	2	4	20	9	3	20	28	38	47
66.				8	3	6	12	1	2	15	12	2	19	30	24	65

BYLAE B (vervolg)

Z	RORSCHACH			ROTTER 1			ROTTER 2			VRAELYS						
	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
67.				9	6	5	2	2	1	22	15	10	27	35	24	67
68.				8	7	2	14	8	6	17	1	0	4	18	30	41
69.				12	8	0	7	4	0	15	3	0	23	37	24	68
74.				5	10	2	1	1	1	12	11	4	15	30	23	63
75.				7	10	4	5	8	7	20	12	7	20	27	38	46
M	148	353	93	554	388	203	497	377	185	797	527	226	1039	1672	1395	3206=

BYLAE C

TOETSTELLINGS VAN PROEFPERSONE WAT NIE BY ROTTER 2 GEPROJEKTEER HET NIE.

N	RORSCHACH			ROTTER 1			ROTTER 2			VRAELYS						
	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Afhank.	Angst.	Vyand.	Vyand.	B.V.	O.V.	Angst.	Afhank.	Domin.	L.S.A.
12.	2	7	4	15	4	3	0	0	0	15	8	2	13	20	40	40
13.	6	9	1	7	12	9	0	0	0	23	16	4	28	46	34	71
16.	6	4	1	11	11	4	0	0	0	21	12	4	26	36	27	67
17.	6	4	0	14	5	0	1	0	0	6	1	4	3	11	25	45
19.	0	11	5	7	9	3	0	0	0	14	10	5	13	22	39	43
21.	5	1	3	2	3	1	0	0	0	17	11	6	20	33	30	61
26.	1	5	1	0	2	14	0	0	1	16	14	6	25	33	23	69
27.	2	5	0	9	1	3	0	0	0	7	3	2	12	20	32	46
34.	5	10	0	15	8	4	1	0	0	16	12	6	22	23	32	51
35.	5	4	0	18	12	8	0	0	0	15	10	1	22	32	24	64
36.	1	7	2	4	8	1	0	0	0	19	8	4	21	21	34	47
37.	7	5	3	5	9	2	0	0	0	14	10	5	20	39	23	72
39.	1	2	0	8	5	0	0	0	0	16	7	3	20	20	25	52
43.	1	10	5	11	4	3	0	0	0	21	5	2	11	22	33	47
44.	3	2	3	9	10	7	0	0	0	12	7	1	15	24	29	53
47.	7	6	2	11	3	1	0	0	1	7	9	2	18	35	29	64
56.	2	6	3	8	11	3	0	0	0	3	10	3	21	34	26	66
61.				11	11	11	0	0	0	23	17	8	26	36	23	70
64.				6	12	7	0	0	1	16	12	5	20	28	30	55
70.				5	8	8	0	0	0	9	7	2	9	22	42	40
71.				5	3	2	0	0	0	9	3	1	11	23	29	53
72.				10	10	1	0	0	0	21	10	1	27	38	24	69
73.				5	3	2	0	0	0	15	8	3	20	25	31	51
76.				10	6	8	0	0	0	7	8	2	20	31	28	60
M	60	98	33	206	170	105	2	0	3	342	218	82	443	674	712	1356